As gevolg van hierdie onsekerheid is die Paneel van Deskundiges op die Ontwikkeling van Beleid oor Grondbesit deur Vreemdelinge in Suid-Afrika (hierna die Paneel genoem) deur die voormalige Minister van Landbou en Grondsake, Edele Mev Thoko Didiza, op 24 Augustus 2004 aangestel. Die Paneel was aangestel etlike maande voordat die Nasionale Grondberaad in Julie 2005 gehou is. Laasgenoemde het die Regering aangespoor om 'n moratorium te plaas op die verkryging deur vreemdelinge van grond in Suid-Afrika. Op 14 Augustus 2006 het die Minister van Landbou en Grondsake, Edele Mev. Lulu Xingwana, die mandaat van die Paneel verleng tot 15 Januarie 2007, en twee nuwe lede op die Paneel aangestel ter vervanging van twee van die oorspronklike lede wat versoek het om uit te tree.

Op 17 Februarie 2006 het die Paneel 'n tussentydse verslag aan Minister Didiza oorhandig. Die verslag is ook aan die publiek vrygestel vir oorweging en verdere insette. Dit het aansienlike dekking in die media gekry. Die Paneel het heelwat reaksie ontvang, veral vanaf die diplomatieke gemeenskap in Suid-Afrika.

'n Opgedateerde verslag is op 5 Desember 2006 aan Minister Xingwana voorgelê ten einde haar op die hoogte te bring van ontwikkelings in die Paneel se werk.

In die lig van die onsekerheid oor grondbesit deur vreemdelinge, en dus die tersaaklikheid daarvan vir beleidsbepaling, het die Minister besluit dat die Paneel se Opdrag is om ondersoek in te stel na, oorweging te skenk aan en aanbevelings te doen oor :

- Die aard, omvang, neigings en invloed van die verkryging en gebruik van, en belegging in, grond in Suid-Afrika deur nie-Suid-Afrikaanse burgers;
- Die mate waarin die huidige gebrek aan 'n omvattende beleids- en wetgewende raamwerk bydra tot die verkryging en gebruik van, en belegging in, grond deur nie-Suid-Afrikaanse burgers;
- Of die Regering deur middel van beleid, wetgewing en ander wyses behoort in te meng (en hoe), ten einde enige moontlike negatiewe gevolge van die verkryging of gebruik van grond deur nie-Suid-Afrikaanse burgers te monitor en te voorkom;

- Die invloed op die eiendomsmarkte van verkryging en gebruik van grond deur nie-Suid-Afrikaanse burgers, met onderskeiding tussen grondgebruik vir residensiële, kommersiële, landbou, eko-toerisme/toerisme/wildplaas en golfbaan doeleindes; en
- Vergelykende internasionale/vreemde praktyke (wette, beleidsrigtings, invloed, ens.) oor die kwessie van grondbesit deur nie-burgers.

Op grond van voormelde Opdrag het die Paneel sy taak soos volg verstaan :

Die Paneel moet antwoorde verskaf op die vrae "Wie besit Suid-Afrika?" en "Hoeveel besit hulle?" veral met betrekking tot nie-burgers. Die eerste taak is dus om die omvang en aard van grondbesit deur vreemdelinge te paal, Die Akteskantore teken nie sulke inligting aan nie. Die taak van die Paneel was dus om beskikbare maar onvolledige inligting te ontleed ten einde 'n gedeeltelike aanduiding te verskaf van die omvang en aard van grondbesit deur vreemdelinge. Terselfdertyd moet die Paneel verbeterings aan die openbaarmaking van inligting aanbeveel om die statistieke oor hierdie soort grondbesit te verbeter.

Ten einde 'n toepaslike beleidsraamwerk te ontwerp, het die Paneel die Opdrag beskou as 'n instruksie om internasionale beleidsrigtings en praktyke in hierdie verband te ondersoek, en om die mees toepaslike elemente daaruit te distilleer en te oorweeg vir Suid-Afrika.

Terselfdertyd het die Paneel sy taak verstaan as 'n ondersoek na die invloed wat die bestaande beleid van nie-regulering van die eiendomsmark ten opsigte van vreemdelinge so ver gehad het op besitmodelle en grondgebruik in Suid-Afrika. Die Paneel moet die opvatting en persepsies van die gemeenskap in ag neem en opweeg teenoor die argumente van die betrokke belangegroepe. Die vrae wat dan beantwoord moet word, is of beleidsingryping en –regulering toepaslik sal wees, wat behoort die aard van die ingryping te wees en wat sal die moontlike uitwerking en newe-effekte daarvan wees?

As al hierdie oorwegings in ag geneem word, verstaan die Paneel sy Opdrag as 'n instruksie om al sy ontledings en gevolgtrekkings te integreer in aanbevelings wat vir beleid tersaaklik is.

STRUKTUUR VAN DIE VERSLAG

Hierdie Verslag is die Produk van twee verslae wat reeds in 2005 en 2006 aan die Minister voorgelê was, sowel as van ondersoeke wat sedert daardie verslae gedoen is. Dit sluit ook die Paneel se reaksie op openbare en media kommentaar op die tussentydse verslag in. Die Verslag is in drie afdelings verdeel :

- **Afdeling 1** bestaan uit die Uitvoerende (Gesag-) Opsomming - wat 'n kort sintese is van die Paneel se metodologie en sy vernaamste bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings.
- **Afdeling 2** bestaan uit 'n ontleding van die openbare verhore en voorleggings aan die Paneel; 'n kwantifisering en ruimtelike/kartering van modelle van grondbesit in Suid-Afrika; 'n kort vergelykende bespreking van die regulering van besit en gebruik van grond en vaste eiendom deur nie-burgers in 'n aantal ander lande; 'n bespreking waarin die Suid-Afrikaanse wetgewing wat ontwikkelingsbeplanning en grondgebruik reël, ondersoek word met die oog daarop dat hulle moontlik hersien, geharmoniseer of gerasionaliseer moet word; en laastens die Paneel se aanbevelings.
- **Afdeling 3** is 'n afsonderlike samestelling wat bestaan uit aanhangsels 1 – 13, wat sommige aspekte in Afdeling 2 geopper, opklaar. Aanhangsels 1 – 12 was reeds ingesluit by die eerste tussentydse verslag, terwyl aanhangsel 13 'n byvoeging is wat statistieke bevat van "eiendomme sonder eienaars". (Die verduideliking van die Kantoor van die Hoofregistrateur van Aktes is dat hierdie hoofsaaklik eiendomme in "township registers"[1] is. Hulle inligting is dus onvolledig.)

1. Memorandum vanaf Aktekantore aan Sipho Sibanda gedateer 5 Februarie 2007

AFDELING EEN
UITVOERENDE OPSOMMING

1. Beleidsbepaling en die betekenis van "grond" en die grootte, waarde en belang van grond wat deur burgers van vreemde lande besit word

1 Inleiding

1.1 Om redes in hierdie verslag vervat, is grond 'n begrensde en onmisbare bate wat mense se identiteit omskryf en menswaardigheid verskaf. Dit is 'n integrerende deel van nasionale soewereiniteit en 'n basis vir nasionale samehorigheid. In die mate wat die Uitvoerende Gesag deur die Grondwet verplig word om nasionale beleid[2] te ontwikkel en te implementeer , het die Paneel tot die gevolgtrekking gekom dat die Kabinet 'n wye reeks faktore wat in die Verslag geopper word, behoort te oorweeg, en nie uitsluitlik op die grootte of persentasie van grond wat deur vreemdelinge besit word, kan konsentreer nie. Met ander woorde, by beantwoording van dreigemente behoort die voorsorgbeginsel voorkeur te geniet.[3]

Die panel is van oordeel dat die bepaling van die juiste grootte van grond wat deur vreemdelinge besit word en die doel waarvoor die grond gebruik word, inderdaad belangrik is en tersaaklik sal wees vir nasionale soewereiniteit, regering, veiligheid en ekonomiese beleidsoorwegings. Hulle moet dus dringend opgevolg word. Hierdie Verslag verskaf aanduidende statistieke en inligting oor grondbesit deur vreemde *persone*. Vir sover dit besit deur vreemde *korporasies en trusts* betref, is statistieke onvolledig en uiters moeilik om te versamel. Die Paneel het 'n proses begin om bestaande aantekeninge te ontleed wat deur die Akteskantore, Kantore van die Meesters van die Hoër Howe, die Registrasiekantoor van Maatskappye en Immateriële Goedere (CIPRO)[4] en handelsbanke bygehou word. Dit is een van die take waarmee die Departement van Grondsake sal moet voortgaan nadat die Paneel sy werksaamhede afgehandel het.

---

[2] Artikel 85(2)(b) van die Grondwet

[3] G N Mandel en J J Gathi, "Cost-Benefit Analysis versus the Precautionary Principle : Beyond Cass Sunstein's *Laws of Fear" **University of Illinois Law Review***, Vol. 2006, Number 5 (2006) 1037-1079

[4] Die Paneel is bewus daarvan dat CIPRO in die media gekritiseer is oor die agterstand van sy aantekeninge (sien die Hoofartikel "Sorting out Cipro", ***Business Day,*** 10 November 2006)

Ten einde te help met die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse beleid oor grondbesit deur nie-Suid-Afrikaanse burgers, is dit belangrik om internasionale vergelykings te tref. Dit is deurslaggewend om te bepaal of daar enige toepaslike lesse te leer is uit pogings in ander lande om grondbesit deur vreemdelinge te reguleer. Vir hierdie doel het die Paneel vergelykende buitelandse tendense taamlik breedvoerig ondersoek. Die Paneel het die beleidsrigtings en wette van verskeie lande ontleed en toe 'n paar gekies en besoek. Die keuse was gegrond op hul vlakke van ekonomiese ontwikkeling en die wyse waarop hulle regulering van grondbesit deur vreemdelinge bestuur het, terwyl hulle voortgegaan het om buitelandse belegging te lok. Die lande wat besoek was, is Kanada, Chilli, Brazilië, Indonesië, Singapoer, Engeland en Skotland.

1.2 By die uitvoering van sy mandaat, het die Paneel die benadering gevolg wat begin by 'n kritiese en holistiese begrip van die betekenis van grond en die grondkwessie in Suid-Afrika. In kort het dit beteken 'n bewaring van die enge betekenis van grond as slegs 'n ekonomiese hulpbron en 'n artikel in die mark, na die wye begrip van grond as 'n nasionale erfenis vir al die mense van Suid-Afrika. Dit is nagelaat deur die natuur en vorige geslagte (voorouers) aan diegene wat vandag leef, om te besit en te versorg tot voordeel van die huidige en toekomstige geslagte. In die breër Afrika-verband is grond nie slegs "'n saak" nie, soos verstaan in die oorgeplante Romeins-Hollandse Reg wat grond onder die regsindeling van "Sakereg" plaas nie. Soos 'n Nigeriese Hoofman voor die Wes Afrika Grond Kommissie in 1912 betoog het : "I conceive that land belongs to a vast family of which many are dead, few are living and countless yet unborn"[5] In Afrika, met inbegrip van Suid-Afrika, het grond historiese, politieke, ekonomiese, sosiale, kulturele en geestelike waarde en betekenis. Daar is inderdaad baie ander gemeenskappe, soos die Sjinese, wat grond as heilig beskou.

Daar moet uitgewys word dat, behalwe vir grond wat voorheen geressorteer het onder die berugte 13% wat vir die meerderheid "naturelle" gereserveer was deur die koloniale stelsels in Suid-Afrika sedert 1913, grond in Suid-Afrika al vir 'n lang tyd die onderwerp is van volgehoue kommersialisering. By die bepaling van die betekenis en beleidstersaaklikheid van grootte, waarde en invloed van grond wat deur buitelandse burgers besit word, moet 'n mens hierdie veelvuldige, maar onderling verbonde, betekenisse en verbande in ag neem.

---

5 T.O. Elias, ***The Nature of African Customary Law*** (1970) at page 162. Sien ook Edwin A Gyasi and Juha I. Uitto, ***Environment, Biodiversity and Agricultural Change in West Africa: Perspectives from Ghana*** (United Nations University Press (1997), op bladsy 1.

1.3 Die Paneel het tot die slotsom gekom dat natuurlike persone van vreemde lande om en by 3% (en 'n merkbare hoër persentasie in kus- en wildboerdery gebiede) van grond in die kategorieë erwe (grond wat vir residensiële behuising gebruik word), landbou-hoewe, plaasgrond en deeltitels besit. Die grootte en waarde van grondbesit deur vreemdelinge sal sekerlik hoër wees sodra die proses van inligtingsontleding oor regspersone, trusts en artikel 21-maatskappye afgehandel is. Dit is egter belangrik om daarop te wys dat die juiste grootte en waarde van grond wat deur vreemde burgers besit word slegs finaal vasgestel kan word nadat al die bestaande en toekomstige geregistreerde eienaars (natuurlike en korporatiewe) verklarings en openbarings in die vorm en op die wyse wat hieronder aanbeveel word, gedoen het.

1.4 Uit die openbare verhore wat in die nege provinsies gehou is en geskrewe voorleggings aan die Paneel, is vasgestel dat die gewone burgers, beide swart en wit, baie sterk voel dat die verkryging van prima grond deur vreemdelinge hulle van bekostigbare toegang tot grond ontneem en hulle vreemdelinge in hul eie land maak (Sien Afdeling Een, Deel I hieronder). Gegewe dat vreemde besit neig om in sekere gebiede gekonsentreer te wees (volgens 'n voorlopige ontleding van beskikbare inligting by Akteskantore en inligting verkry van openbare verhore en geskrewe voorleggings), kan dit ernstige implikasies vir die dinamika en ontwikkeling in die land hê.

1.5 Die Paneel het vasgestel dat die gebrek aan 'n nasionale beleid oor die regulering van grondbesit deur vreemdelinge in Suid-Afrika sekerlik nie die norm in die wêreld is nie. Dit sluit in land met vergelykbare ekonomiese stelsels en vlakke van ontwikkeling en selfs lande met meer gevorderde ekonomieë.

2. Enkele Grondwetlike Verpligtinge

2.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (hieronder "die Grondwet" genoem) maak 'n belangrike en wesenlike onderskeid tussen die verlening van regte en vryhede aan burgers aan die een kant en aan nie-burgers of vreemdelinge aan die ander kant. As 'n algemene reël verleen die Handves van Regte (Hoofstuk 2 van die Grondwet) regte aan "elkeen" of "'n persoon". In sulke gevalle word vermoed dat die regte en vryhede aan alle persone, burgers en nie-burgers, verleen word. Waar die Grondwet egter regte en vryhede spesifiek aan burgers verleen, is dit duidelik dat daardie regte en vryhede nie in die algemeen op nie-burgers of vreemdelinge toegepas kan word nie. Voorbeelde van eersgenoemde sluit in die reg op lewe, menswaardigheid, gelykheid voor die reg en vryheid van assosiasie (artikels 11, 10, 9 en 18 onderskeidelik). Voorbeelde van laasgenoemde sluit in politieke regte, die reg op 'n paspoort en die reg om 'n ambag, beroep en professie vryelik te kies (artikels 19, 21(4) en 22, onderskeidelik).

Vir die onderhawige doeleindes is die bepalings van die Grondwet wat regte aan slegs burgers verleen, artikel 21(3) – *reg om die Republiek binne te kom, daarin te bly en op enige plek daarin te woon,* en artikel 25(5) - *staat se plig om bronne beskikbaar te stel en omstandighede te skep wat burgers in staat stel om op 'n billike basis toegang tot grond te verkry.*

Daar moet beklemtoon word dat die onderskeid wat die Grondwet tref tussen burgers en nie-burgers oor die kwessies van verblyf, toegang tot grond en deelneming aan die politiek, grondwetlike verwagtings skep en verpligtings op die regering plaas.

2.2 Uit die bogemelde is dit duidelik dat beleids- en wetgewende maatreëls getref kan word om betekenis te gee aan die spesifieke regte en vryhede van vurgers met betrekking tot verblyf en toegang tot grond. Sulke maatreëls kan positief teen nie-burgers diskrimineer, solank die maatreëls nie neerkom op arbitrêre ontneming van eiendom soos beoog in artikel 25(1) van die Grondwet nie.

2.3 Deur wisselwerking met die Openbare Grond Ondersteuningsdienste van die Department van Grondsake, het die Paneel verneem dat openbare grond binne die regsgebied van munisipaliteite by konvensie voortgaan om as "private grond", en nie as "staatsgrond" nie, geklassifiseer te word. Dit verklaar duidelik die ongelykhede waarvolgens munisipaliteite die toekenning van grond vir behuising en ander grondwetlike verpligtings behandel, en die vryheid wat hulle het om openbare grond aan private ontwikkelaars, met inbegrip van vreemdelinge, te verkoop. Dit spreek vanself dat munisipaliteite staatsorgane en 'n sfeer van regering is (artikels 140 en 239 van die Grondwet). Daarbenewens is grond 'n nasionale bevoegdheid. Regulering van grondbesit en –gebruik, veral deur vreemdelinge, kan nie behoorlik gedoen word nie indien munisipaliteite, wat die hele land dek ("wall-towall"), aan hul eie lot oorgelaat word in aangeleenthede rakende die beskikking oor 'n nasionale bate van die hoogste belang. Hierdie begrip moet nie gesien word as 'n ontkenning van die behoeftes van munisipaliteite om grond te gebruik as 'n ontwikkelingsbate en 'n inkomste-genererende bate nie.

3. Opsomming van afdwingbare aanbevelings

Die beleidsrelevante aanbevelings verskil namate hulle slegs op die beleidsvlak bly of vergesel is van voorgestelde regsstrategieë vir implementering. Die Paneel is van oordeel dat sodra die Regering 'n beleidskeuse aanvaar het, moet besonderhede oor meganismes vir implementering deur die Departement van Grondsake ontwikkel word.

Die aanbevelings is die volgende :

3.1 Verpligte Openbaring van Burgerskap, Ras, Geslag en ander inligting

(i) Om die inligting en statistieke in die Akteskantore te verbeter, word aanbeveel dat alle eienaars van eiendom – nie slegs vreemdelinge nie – onderworpe moet wees aan Verpligte Openbaringsvereistes van alle registrasies van aktes in die verlede, die hede en die toekoms op die grondslag van die Wet op die Finansiële Intelligensie Sentrum (FICA). 'n Tweeledige benadering word voorgestel vir bestaande en toekomstige openbaring deur geregistreerde eienaars :

(a) om Regulasie 18 kragtens die Wet op die Registrasie van Aktes, No 47 van 1937 te wysig; en
(b) om die Wet self te wysig.

(ii) Die wysiging van Regulasie 18 kan dadelik gedoen word deur die Registrasie van Aktes Regulasieraad wat, onderworpe aan die goedkeuring van die Minister, gemagtig is kragtens artikel 10(j) van die Wet om regulasies te maak wat voorskryf *"die wyse en vorm van identiteit van persone"*. As gevolg van hierdie magtiging bepaal Regulasie 18(2) in sy huidige vorm dat *"Die naam van 'n persoon, die betrokke identiteitsnommer, geboortedatum of gereigstreerde nommer, na gelang van die geval, aangeteken moet word in die betrokke aantekeninge van die Akteskantoor"*. Die Paneel beveel aan dat Regulasie 18 gewysig word om 'n omvattende openbaring te vereis, met inbegrip van :

- Burgerskap (asook dubbele burgerskap)
- Nasionaliteit
- Permanente verblyfstatus
- Geslag
- Ras
- Suid-Afrikaanse nasionale identiteitsnommer
- Vreemde paspoortnommer
- Maatskappy-registrasienommer
- Inkomstebelasting registrasienommer
- Belasting op toegevoegde waarde registrasienommer
- Aard van aandeelhouers (naam en plek van gewone verblyf van alle wesenlike aandeelhouers en elkeen se ras, geslag en burgerskap)
- Trust-registrasienommer en die aard van bevoordeeldes (en elkeen se ras, geslag, burgerskap en plek van gewone verblyf).

Die oogmerk van Regulasie 18 is om voorsiening te maak vir openbaarmaking vir statistiese doeleindes en nie om onbillike diskriminasie te veroorsaak nie. 'n Aantal wetsbepalings wat voorsiening maak vir verskeie tipes onderskeidings en verskille is reeds onder die demokratiese bewind aangeneem. Voorbeelde sluit in die Wet op Gelyke Indiensneming, die Wet op die Bevordering van Gelykheid en die

Voorkoming van onbillike Diskriminasie, die Wet op die Beleidsraamwerk vir Voorkeurverkryging en die Wet op Wydgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging.

(iii) Wysigings aan die Wet op die Registrasie van Aktes sal deur die Parlement verorden moet word. Dit sal vereis dat *bestaande eienaars* soortgelyke Verklarings/Openbarings moet maak as wat van alle *toekomstige eienaars* ingevolge die gewysigde Regulasie 18 (sien hierbo) verwag word. Die kern van die beoogde wysigings moet onder andere vereis :

- Verpligte identifikasie van grondeienaars
- 'n Verifikasie stelsel van grondeienaars
- Akkurate en betroubare aantekeninge van grondeienaars in S.A.
- Toelaatbaarheid van aantekeninge vir regsdoeleindes.
- Bron van finansiering vir verkryging van grond
- Meganisme vir monitering
- Verbod op oordragte wat nie aan die reguleringstelsel voldoen nie
- Prosedure vir verbeurdverklaring van grond aan die staat waar daar nie-nakoming is
- Beskerming van betroubare inligting
- Aantekeninge van huidige grondgebruik

Daar word verder aanbeveel dat die voorgestelde openbaarmakingsklousules ook oorweeg word vir die Wetsontwerp op Maatskappye wat tans onder bespreking is.

Die Paneel is van oordeel dat die Wet op die Finansiële Intelligensie Sentrun (FICA) 'n vergelykbare en effektiewe meganisme vir openbarings en verklarings bevat wat belangrike riglyne kan verskaf vir die voorgestelde aanbevelings.

3.2 Spesiale Ministeriële Goedkeuring

Die Paneel beveel aan dat Spesiale Ministeriële Goedkeuring (met of sonder voorwaardes) vereis word vir sekere veranderings in grondgebruik in die algemeen en vir beskikking oor sekere kategorieë grond aan vreemdelinge. Dit is nodig veral waar die verandering in grondgebruik of beskikking aan vreemdelinge die potensiaal het om die staat se grondwetlike verpligtings om grondhervorming te bewerkstellig negatief te beïnvloed (hier word verwys na grond wat onderworpe is aan restitusie eise of wat bestem is vir herverdeling of geïntegreerde menslike vestiging). Spesiale Ministeriële Goedkeuring behoort ook van toepassing te wees op verkryging van grond of veranderings aan

grondgebruik deur Suid-Afrikaanse burgers wat dieselfde negatiewe invloed kan hê. Die besluit of grond in so 'n kategorie val, kan bepaal word deur onder andere die meganismes van die Inter-Ministeriële of -Departementele Oorsigkomitee (sien hieronder in 3.3). Tans bestaan daar 'n Staatsgrond Beskikkingskomitee, en daar is bepalings wat die instelling van Provinsiale Staatsgrond Beskikkingskomitees toelaat. Hierdie komitees het geen regsbevoegdheid oor munisipale grond nie, aangesien dit verkeerdelik en ongrondwetlik steeds as "private" grond geklassifiseer word. Daarbenewens het nie alle provinsies komitees wat werk[6] of met die Staatsgrond Beskikkingskomitee saamwerk nie.

3.3 Inter-Ministeriële/-Departementele Oorsigkomitees

'n Permanente Inter-Ministeriële/-Departementele Oorsigkomitee behoort ingestel te word, wat bestaan uit minstens Landbou, Grondsake, Provinsiale en Plaaslike Regering, Behuising en Omgewingsake en Toerisme. Dit moet tendense in vreemde grondbesit en veranderings in grondgebruik monitor en aan die Regering toepaslike regstellende ingrypings aanbeveel. Die voorstel dat die bestaande Kabinetsgroepe vir hierdie doel gebruik word, word nie ondersteun nie, aangesien die aangewese doel van die Komitee dan verlore sal gaan.

3.4 Totale verbod op vreemde besit in geklassifiseerde of beskermde gebiede

Daar word aanbeveel dat beleid neergelê word oor 'n verbod op private grondbesit deur vreemdelinge (en in sommige gevalle ook Suid-Afrikaanse burgers) in sekere gebiede (wat geklassifiseer moet word) binne die territoriale jurisdiksie van die Republiek. Dit kan gedoen word op gronde van nasionale belang, omgewingsoorwegings, gebied van historiese en kulturele belang en nasionale veiligheid.[7] Voorbeelde van sulke grond sluit in Nasionale Sleutelpunte [8], kusgebiede [9], bewaringsgebiede, grond naby militêre instellasies, wateropvangsgebiede en langs grense/internasionale grense.

3.5 Beperkte tydelike moratorium op die beskikking oor staatsgrond aan vreemdelinge

---

[6] Sien Aanbeveling 3.7 hieronder

[7] Rapporteringsverpligtinge op bestaande besit deur vreemdelinge in aangewese gebiede binne 'n voorgeskrewe tydperk behoort opgelê te word deur die Volle Openbaarmakingsregulasies. Daarna kan die Regering die Grondwetlike mag van onteiening uitoefen, onderworpe aan "regverdige en billike" vergoeding, ten opsigte van die grond en die grond behou as staatsgrond of die grond aan gemagtigde burgers toewys.

[8] Wet op Nasionale Sleutelpunte, No. 102 van 1980

[9] Die Wetsontwerp op Kusbestuur dek aspekte hiervan.

Die Paneel beveel aan dat 'n Beperkte Tydelike Moratorium van ongeveel twee jaar ingestel word, waartydens die beskikking oor staatsgrond, met inbegrip van grond wat deur 'n staatsorgaan of enige van die regeringssfere (ook munisipale regering) besit word, aan vreemdelinge [10] verbied word. In beperkte gevalle kan dit ook van toepassing gemaak word op Suid-Afrikaanse burgers wat nie kragtens die nasionale beleid en wetgewing oor grondhervorming vir vergoeding kwalifiseer nie. Hierdie is nie 'n totale verbod nie. Die bedoeling is om te voorkom dat sekere sfere van regering en staatsorgane beskik oor grond wat vir grondhervorming en menslike nedersettings vir die ontneemde en gemarginaliseerde persone en gemeenskappe gebruik kan word. Natuurlik kan spesiale uitsonderings oorweeg word. Die beperkte tydelike moratorium kan opgehef word sodra die Ministeriële Goedkeuringsproses en die Inter-Ministeriële/-Departementele Oorsigkomitee wat hierbo voorgestel is, ingestel is en in werking is.

Die Paneel het die mening van 'n senior advokaat ingewin oor die kwessie van 'n moratorium [11]. Die Paneel is geadviseer dat so 'n moratorium nie ongrondwetlik is nie solank dit nie lei tot arbitrêre ontneming van eiendom nie en opgelê word deur 'n wet wat algemeen geld (sien aanbeveling in paragraaf 3.9 hieronder).

Aangesien die aanbeveling beperk is tot wyd-omskrewe staatsgrond of openbare grond (met inbegrip van munisipale grond), kan verwag word dat die entiteite wat die betrokke grond besit in elkgeval aan die nasionale beleid sal voldoen, selfs in die afwesigheid van 'n statutêre verbod.

3.6 Sonering, grondgebruik en beplanningswetgewing

Die Paneel bevel aan dat daar rasionalisering en harmonisering moet wees van wette wat grondgebruiksbeplanning en sonering raak. Dit moet gedoen word deur die verordening van oorkoepelende nasionale wetgewing wat 'n mate van sekerheid, minimum standaarde en orde verskaf. Die huidige Wetsontwerp op die Bestuur van Grondgebruik behoort weer na gekyk en geaktiveer te word. Die gebrek aan oorkoepelende nasionale standaarde lei tot ongelyke en verwarrende praktyke in gondgebruik, veral op plaaslike regeringsvlak. Vreemdelinge en

---

[10] Indien vasgestel word dat enige wetgewing met inbegrip van munisipale verorderinge en ordonnansies, grond wat aan 'n staatsorgaan of sfeer van regering behoort as "private grond" klassifiseer, sal dit ongrondwetlik wees en kan die Konstitusionele Hof genader word vir 'n bevel kragtens artikel 167(5) van die Grondwet en 'n toepaslike verklaring.

[11] Beskikbaar by die Departement van Grondsake.

sterk "ontwikkelaars" blyk die situasie uit te buit, en dit lei tot openbare afkeer en persepsies van korrupsie. Die huidige praktyke in die sonerings- en hersoneringsprosedures, die ontwikkeling van golf-eiendomme, lewensstylboerdery, polo-eiendomme en wildboerdery [12] moet hersien word en binne die omvang van Ministeriële en inter-regerings toesig gebring word.

3.7 Beskikking oor Staatsgrond

Soos uitgewys in die aanbevelings in paragraaf 3.2 hierbo, het die Staatsgrond Beskikkingskomitee en provinsiale komitees geen jurisdiksie oor munisipale grond nie. Na die oordeel van die Paneel word hierdie grond nog steeds verkeerdelik en ongrondwetlik as "private grond" geklassifiseer. Dit is 'n konvensie of praktyk wat uit die verlede oorgeërf is. Die drie sfere van regering is instellings en organe van een soewereine demokratiese staat, en Bylaes 4 en 5 by die Grondwet bepaal nie dat besit van en beskikking oor staatsgrond 'n uitsluitlike bevoegdheid van munisipaliteite is nie (artikel 1 gelees met Hoofstuk 3 van, en Bylaes 4 en 5 by, die Grondwet). Daar word dus aanbeveel dat aldrie sfere van regering deur al die aanbevelings in hierdie Verslag gedek behoort te word. Die Regering en alle staatsorgane behoort die voorbeeld te stel deur die reguleringstelsel van vreemde grondbesit te implementer, sowel as 'n algemene verbod op die beskikking oor, of verandering van, grondbesit wat grondhervorming kan ondermyn en die soewereiniteit van die staat in die gevaar kan stel.

3.8 Huurpag

In ooreenstemming met die praktyk in sommige lande wat bestudeer is, kan die Regering medium- en langtermyn verhurings van openbare grond oorweeg as 'n lewensvatbare stelsel vir die verkryging deur vreemdelinge van grondgebruik in die toekoms. Huurpag het tydsbeperkings en kan minder aanvegbaar wees as volle besitregte, hoewel dit nog steeds burgers van besit en gebruik uitsluit. Dit verskaf die soort sekerheid van besit wat baie opregte buitelandse beleggers werklik mag verkies.

3.9 Algemene magtigende wetswysigings om aan sommige aanbevelings uitvoering te gee

Die Paneel beveel aan dat 'n omvattende Algemene Regswysigingswetsontwerp of 'n Wysigingswetsontwerpop Grondsake opgestel word, soortgelyk aan Wysigingswetsontwerpe oor Geregtelike Aangeleenthede. Dit sal nodig wees vir die aanbevelings wat

---

[12] Die land sit reeds met 'n saak van moord op 'n plaasbestuurder wat verbind word met die omskepping van grondgebruik na wildboerdery (sien W Hlongwa, "Make Way for Wild Animals" **City Press**, 28 Januarie 2007 op bl, 21).

magtigende wetswysigings vereis en nie heeltemal nuwe wetgewing of ondergeskikte wetgewing (regulasies), soos vir die aanbevole wysiging van Regulasie 18 nie. Die voordeel van so 'n benadering is dat die gevolge vir ander wetgewing wat kan ontstaan uit die wysigings van 'n spesifieke Wet of Wette, maklik in 'n enkele Wetsontwerp geakkommodeer word.

3.10 Voordoening (bv Front-maatskappye)

Voordoening is geïdentifiseer as 'n vraagstuk wat die beleid van die Regering oor grondhervorming en regulering van vreemde grondbesit kan ondermyn. Gevolglik word aanbeveel dat maatreëls om hierdie probleem op te los in enige beleidsformulering ingesluit behoort te word. Voordoening is 'n baie ingewikkelde beleidsvraagstuk. Dit is dus nodig om dwarssnydende beleids- en reguleringsinstrumente te gebruik wat ook in ander nasionale Departemente gebruik word. Die Paneel beveel noue samewerking op inter-ministeriële vlak aan om die probleem op te los. Oorweging kan geskenk word aan verskeie sanksies, met inbegrip van verbeurdverklaring.

In die volgende afdeling bied die Paneel sy ontleding aan van die faktore wat in die Opdrag vermeld word. Die afdeling sluit af met aanbevelings.

AFDELING TWEE

ONTLEDING VAN AANBEVELINGS

Hierdie afdeling bestaan uit vyf dele. In die eerste deel verskaf die Paneel ontledings van die geskrewe openbare voorleggings en mondelinge aanbiedings in die openbare verhore, van die aanbevelings wat deur die parlementêre portefeuljekomitee oor Grondwake gemaak is, en van die betrokke resolusies wat deur die Nasionale Grondberaad (2005) aanvaar is. In die tweede deel is die fokus op die modelle van grondbesit in Suid-Afrika. Die Paneel verskaf 'n kwantifisering en ruimtelike kartering daarvan. In die derde deel word 'n internasionale vergelyking aangebied. Die regulering van besit en gebruik deur nie-burgers van grond en landelike eiendom in 'n aantal lande word bespreek. In die vierde deel word die wetgewende dimensie voorgestel. Moontlike hersiening, harmonisering en nasionalisering van wetgewing wat ontwikkelingsbeplanning en grondgebruik reël, word bespreek. In die laaste deel maak die Paneel sy aanbevelings.

Afdeling 2 Deel 1

Ontleding van geskrewe voorleggins, mondelinge aanbiedings, die aanbevelings deur die Parlementêre portefeulje komitee en die betrokke resolusies wat deur die Nasionale Grondberaad (2005) [13] aanvaar is.

Die Paneel het ongeveer 60 mondelinge voorleggings en 10 geskrewe voorleggings van verskillende organisasies en persone ontvang. Hulle verteenwoordig 'n wye reeks menings, met inbegrip van die georganiseerde landbou, georganiseerde eiendomsagente, NGO's, georganiseerde sakewêreld, plaaslike gemeenskappe, munisipale raadslede, tradisionele leiers, vakbonde en politieke partye.

Vir die doeleindes van hierdie Verslag sal die wye reeks menings in twee breë kategorieë opgesom word. Die eerste kategorie benader die vrae uit die oogpunt van die invloed op beleggersvertroue, buitelandse direkte beleggings ("FDI") die vrye mark en die deursyfer-effek van ekonomiese groei na werksgeleenthede. Die tweede kategorie benader dit uit die oogpunt van grondhervorming en gemeenskapsontwikkeling. Hulle is nie in alle opsigte wedersyds uitsluitend nie.

---

[13] Op 25 Februarie 2007 was 'n openbare debat oor die kwessie van vreemde grondbesit, asook behuising, in die die Stad Kaapstad, oor SABC 2 uitgesaai onder die title : "The Big Question Property Show". Die voorsitter van die Paneel het aan die program deelgeneem en beskou die uiteenlopende en geesdriftige sienings wat in die debat aangebied is as soortgelyk aan daardie wat by die Paneel se provinsiale openbare verhore uitgespreek is en wat in hierdie Verslag aangebied en ontleed word.

Die eerste vraag wat deur beide kategorieë geopper is, is die tersaaklikheid van vreemde grondbesit vir die algemene bekommernisse oor grondbesit uitgespreek deur voorstanders van beide perspektiewe. Die eerste kategorie sien nie vreemde grondbesit as 'n groot probleem nie, behalwe die georganiseerde landbousektor. Die tweede kategorie sluit 'n kombinasie van sienings in. Sommige is oortuig daarvan dat vreemde grondbesitters 'n hindernis vir grondhervorming is en dat hulle meer ongevoelig is teenoor die belange van gemeenskapsontwikkeling as Suid-Afrikaanse besitters. Ander - veral gemeenskapsorganisasies in die Suid-Kaap – skryf nie hul grondprobleme toe aan vreemdelinge nie maar aan ongevoelige plaaslike owerhede, Suid-Afrikaanse ontwikkelaars en afwesige grondeienaars.

Die tweede vraag wat in die voorleggings geopper is, is dat vreemde grondbesit nie noodwendig 'n probleem regdeur Suid-Afrika is nie, maar dat dit streeksgebonde is. Die aantal voorleggings aan die Paneel is nie 'n wetenskaplike metode om die streke te bepaal nie, maar dit is noemenswaardig dat die hoogste aantal uit die Suid-Kaap en Noord-Kaap kom. Hulle verteenwoordig probleme ten opsigte van die tweede kategorie, en is hoofsaaklik uitgespreek deur gemeenskapsorganisasies. Die Kaapse Skiereiland is sekerlik nog 'n konsentrasiepunt, hoofsaaklik vanuit die oogppunt van die eerste kategorie. Gevolglik het die belangrikste voorleggings wat daar gedoen is van die eiendomsagente en die Demokratiese Alliansie gekom.

Die derde vraag wat deur beide kategorieë geopper is, is die **omvang** van vreemde besit in die land, en die **invloed** daarvan op eiendomspryse en grondhervorming. Die Paneel se dilemma is dat byna geen empiriese getuienis of data aan hom voorgelê is om die onderskeie argumente te staaf nie. 'n Aantal voorleggings het dieselfde data gebruik wat deur eiendomsagente beskikbaar gestel is. Daarvolgnes was 0.5% van die totale waarde van transaksies tussen 1997 en 2002 van 'n vreemde aard. Pam Golding het beweer dat vreemdelinge by 5 – 8% van al die maatskappy se verkope betrokke was. Behalwe hierdie vae inligting het daar niks verder gekom nie.

Meeste van die voorleggings wat vir en teen die invloed van vreemde besit argumenteer, het op openbare *persepsies* staatgemaak. Persepsies kan nie as irrelevant vir beleidmaking verwerp word as die beleidsomgewing demokraties is nie. Maar dit moet gekomplementeer word deur empiriese data, en dit is blykbaar tans nie beskikbaar nie.

Daarbenewens het die Paneel nie enige voorleggings of ander inligting van die publiek ontvang oor die ekonomiese invloed van vreemde besit nie. Geen ekonomiese ontleding is nog beskikbaar oor die invloed van vreemde besit op die eiendomsmark (pryse en veranderings in grondgebruik) en "FDI" of beleggersvertroue nie. Netso vaag is die invloed van die omskepping van kommersiële landbougrond in wildplase op werksgeleenthede, voedselproduksie, inkomste-generasie, ens.

Binne die konteks van voormelde oorwegings word die argumente in die twee kategorieë, soos in die voorleggings aangebied, nou opgesom :

1) Vrye mark, beleggersvertroue, werkskepping en geen regeringsinmenging

Die hoof-argument is dat die Suid-Afrikaanse regering sedert 1994 makro-ekonomiese beleidsrigtings aanvaar het wat die ekonomie oopgestel en geliberaliseer het en buitelandse direkte beleggings (FDI) aangemoedig het. Dit is dus afhanklik van onbeperkte mededinging en beleggersvertroue. Dit aanvaar ook dat ("FDI") ekonomiese groei sal bevorder wat sal "deursyfer" en meer werksgeleenthede sal skep. Prysverhogings in die eiendomsmark sedert 1994 word toegeskryf aan betreklik lae rentekoerse, goeie en aanloklike ekonomiese beleidsrigtings en verhoogde konstruksiekostes.

Volgens hierdie argument sal Regeringsinmenging beleggersvertroue benadeel en dus sal die "deursyfer" volg (met laer werkskepping). Daarbenewens word aangevoer dat die omvang van vreemde besit in die mark as geheel betreklik klein is en dat beleidsinmenging dus nie vereis word nie. Die Paneel verlang nog 'n opheldering van die argument in die lig van die feit dat enersyds word verklaar dat die deel van vreemde besitters betreklik klein of selfs nietig is, maar andersyds word aangevoer dat hulle "FDI" bydrae 'n belangrike regverdiging is teen enige beleidsinmenging, Georganiseerde eiendomsagente en die Demokratiese Alliansie is die belangrikste voorstanders van hierdie siening. Agri SA gebruik dit ook op 'n gekwalifiseerde wyse.

2) Grondhervorming en gemeenskapsontwikkeling

Die hoof-argument is dat 'n nuwe regeringsbeleid dringend nodig is om grondbesit te reël, want die beginsel van "gewillige koper, gewillige verkoper" bevorder 'n vrye mark maar nie noodwendig grondhervorming nie. Ongereguleerde eiendomsontwikkeling het ook nadelige gevolge op gevestigde gemeenskappe. In hierdie kategorie is daar geen konsensus oor die blaam wat vreemde besit moet dra vir die probleme wat in grondbesit ondervind word nie.

Ontwikkeling word ondersteun deur byna al die voorstanders van hierdie kategorie, maar sy voorkeur-aard word aangeval. Plaaslike gemeenskappe in die besonder, beskou ontwikkeling dikwels as 'n bedreiging vir hul gevestigde lewensmiddele. In die Suid-Kaap, byvoorbeeld, het nuwe ontwikkelings (vreemde en plaaslike) grond ingepalm wat gebruik was deur die gemeenskappe wat hul lewensomstandighede gedeeltelik onderhou het deur bronne van die see te gebruik.

Ontwikkelaars betaal huiseienaars 'n aansienlik bedrag geld om hulle te verplaas na 'n huis in 'n dorp, waar hulle nie hul gevestigde lewensstyl kan voortsit nie. Nuwe ontwikkelings vereis ook ander soorte vaardighede van werkers, en gevolglik kan plaaswerkers selde weer by die nuwe ontwikkelings in diens geneem word. Selfs as gemeenskappe op hul grond kan aanbly, word nuwe ontwikkelings langs die kuslyn (soos

golf-eiendomme) afgekamp, en dus word mense dikwels toegang geweier tot strande en die see om kos en vuurmaakhout te versamel.

Georganiseerde landbou, soos NAFU en Agri-SA, en individuele boere ondersteun ook op hul eie maniere hierdie kategorie. Hulle voer aan dat die Rand-geldeenheid nie met vreemde geldeenhede in die ope mark op die basis van gewillige koper, gewillige verkoper kan meeding nie. Gevolglik word prima landbougrond deur vreemdelinge gekoop. Selfs in die afwesigheid van vreemde mededinging is dieselfde beginsel teenproduktief vir opkomende NAFU-boere. Agri-SA het 'n nuwe dimensie daarby gevoeg deur aan te dring op beleidsinmenging om prima landbougrond te beskerm teen omskepping in ander gebruike, en om gespesifiseerde strategiese gebiede te beskerm.

Boere en plaaslike gemeenskappe vra ook nasionale regeringsingryping in antwoord op die plaaslike owerhede se onvoldoende visie en ondersteuning, sowel as onvoldoende samewerking tussen die drie sfere van regering. Hulle is van mening dat plaaslike owerhede kop in een mus met ontwikkelaars werk, sonder om gevoelig teenoor gevestigde gemeenskappe te wees. Sommige voorstaanders van hierdie beskouing glo dat plaaslike owerhede oorweldig word met aansoeke om ontwikkeling, dat hulle nie aandag aan die aansoeke bestee nie en meer bekommerd is oor die inkomste (diensgelde en belastings) wat die ontwikkelings kan inbring as oor hul sosiale- en omgewingsinvloed. Aansoek-prosedure is so uiteenlopend (sommige word by plaaslike owerhede ingedien; ander by tribunale, ens.) dat geko¬rdineerde ruimtelike ontwikkeling byna onmoontlik is.

Spesiale gebiede van verskil

Verskeie voorleggings in beide kategorieë het drie aanvegbare areas van grondbesit na vore gebring : golf-eiendomme, wildplase en jaghuise en hoë potensiaal landbougrond.

Golf-eiendomme word hoofsaaklik ontwikkel in Suid-Afrika se oostelike en suidelike kusgebied en in Gauteng. Voorleggings van die Suid-Kaap het daarna verwys in die besonder. Dit het uit daardie voorleggings geblyk dat die sowat 34 eiendomme hoofsaaklik deur Suid-Afrikaners ontwikkel word, maar oorsee bemark word. Huise word dus deur vreemdelinge besit maar nie die eiendom self nie. Die openbare debat oor golf-eiendomme fokus op hul invloed op die omgewing, soos waterverbruik, maar nie net soveel op hul sosiale invloed op plaaslike gemeenskappe wat deur hierdie ontwikkelings ontwrig word nie.

Wildplase en jaghuise is ook 'n omstrede saak. Die vrye mark-argument is dat hulle "FDI" lok wat werkgeleenthede en ekonomiese groei skep. Daar word ook aangevoer dat onproduktiewe en ondergebruikte landbougrond produktief sal word en toerisme en eko-toerisme bevorder sal word. Die twispunt is of wildboerdery meer arbeidsintensief

as kommersiële boerdery is. Die ingrypingsargument is dat omskepping van kommersiële boerdery na wildboerdery Suid-Afrika se voedselvoorsiening negatief affekteer, dat dit spekulasie in grond aanmoedig, dat dit nie noodwendig so baie meer nuwe werksgeleenthede skep nie en dat dit lei tot werkloosheid onder plaaswerkers. Laasgenoemde punt is dat werkers op kommersiële plase dikwels nie geleerd is nie en slegs vaardig is in kommersiële boerderytake, terwyl wildboerdery hoër opgeleide werkers met ander vaardighede vereis.

Die omvang van vreemde besit van wildplase en jaghuise, en van die omskeppings vanaf kommersiële na wildboerdery, is nie aan die Paneel bekend nie, en geen voorlegging kon meer duidelikheid oor die saak bring nie.

Beide georganiseerde landbou en plaaslike gemeenskappe het aangevoer dat hoë potensiaal landbougrond deur die regering beskerm moet word. Die oorwig van menings is ten gunste van die argument dat dit van vreemde besit uitgesluit behoort te word.

In die lig van die argumente wat in die voorleggings aangevoer is, is die volgende voorstelle gemaak :

Voorstelle van die publiek

Die voorgestelde aanbevelings wat uit die voorleggings gehaal is, word ook volgens die twee hoofkategorieë opgesom:

1) Vrye mark, beleggersvertroue, werkskepping en geen regeringsingryping

Die voorstaanders van hierdie kategorie het nie enige aanbevelings gedoen nie behalwe om die vrye mark in die eiendomsomgewing aan te moedig. Regeringsingryping sou beleggersvertroue ontmoedig en mag ook bilaterale beleggingsooreenkomste tussen Suid-Afrika en haar handels- en beleggingsvennote verbreek. Die huidige belastingstelsel word as toepaslik beskou en behoort nie verander te word nie. Die voorstaanders het ook die beginsel van "gewillige koper, gewillige verkoper" onderskryf.

Een van die provinsiale, georganiseerde landbou-verenigings (maar nie die nasionale liggaam nie) het aangevoer dat die geleentheidskoste van grond, wat vir landbou-doeleindes gebruik word, kan dikteer dat dit vir ander doeleindes as landbou gebruik moet word. Volgens hierdie argument kan hierdie koste slegs effektief bepaal word ndien die skaarsheidswaarde van grond deur markkragte bepaal word.

2) Grondhervorming en gemeenskapsontwikkeling

Die volgende voorstelle is nie in enige besondere orde van belangrikheid gelys nie, en is ook nie ontwerp as 'n innerlik-konsekwente verpakking nie :

i) Huurpag

Titelakte-besit deur vreemdelinge behoort omskep te word in huurpagregte. Alternatiewelik moet nuwe grondverkrygings deur vreemdelinge slegs in die vorm van huurpagregte wees. Dit verbeter nie noodwendig toegang tot grond vir Suid-Afrikaanse burgers nie, maar dit sal voorkom dat grond vervreem word. Die openbare voorstel is gekoppel aan die ander voorstel dat vreemde beleggers vennootskappe behoort te stig met Suid-Afrikaners. Dis 'n model wat in verskeie lande gebruik word.

ii) Beperkings op hoeveelheid grond

'n Maksimum grootte of waarde van grond vir besit deur vreemdelinge en Suid-Afrikaners moet oorweeg word. So 'n ingryping sal die aard van boerdery (ekstensiewe of intensiewe) en eiendomgebruik in die verskillende streke van die land in ag moet neem

iii) Impakstudies

Omgewingsimpakstudies is reeds 'n statutêre vereiste en 'n gevestigde praktyk. Dieselfde beginsel behoort uitgebrei te word om ook 'n sosiale impakstudie in te sluit. Dit sluit in die uitwerking wat 'n voorgestelde ontwikkeling sal hê op gemeenskappe wat daardeur geraak word : hul verblyf- en vestigingspatrone, hul ekonomiese en volhoubaarheidsmodelle en die moontlike uitwerking op plekke van historiese, kulturele en erfenis belang.

iv) Indaba van belanghebbende persone

Verskeie voorleggings het beklemtoon dat gemeenskappe geïsoleer voel van besluitneming in groot stede, en het aangedring op meer kommunikasie met hulle en ook tussen hulle. Daarom het hulle 'n grondgebruik indaba voorgestel, eers op plaaslike vlak en wat kan ontwikkel tot provinsiale of 'n nasionale indaba.

v) Hersiening van beleggingsooreenkomste

'n Spesiale komitee behoort ingestel te word om beleggingsooreenkomste te hersien in die lig van kriteria soos grondhervormingsbehoeftes, grondgebruik, sensitiewe erfenis plekke en die voordele vir die armes en grondloses.

vi) Eerste opsie-koper ("keuse om eerste te weier")

Wanneer landbougrond in die mark beskikbaar word (die tersaaklikheid van nasionaliteit word nie hier genoem nie), behoort die Suid-Afrikaanse regering die reg van eerste opsie te hê om dit te koop.

vii) Swart ekonomiese bemagtigingsraamwerk ("BEE")

BEE behoort ingesluit te word by die grondvraagstuk en op beide plaaslike en vreemde beleggers toegepas te word.

viii) Plaaslike owerhede en ontwikkeling

Plaaslike owerhede moet nasionale ruimtelike ontwikkeling en beplanningsraamwerke nakom. Deur hul Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne moet hulle beleidsrigtings implementer om integrasie en herverdeling van grond te bevorder.

ix) Regulering deur die regering van gebruik en besit van grond

Spesiale goedkeuringsprosedures behoort van toepassing te wees wanneer grond van meer as 'n sekere waarde of grootte van besit verander. Dit moet op alle kopers en verkopers van toepassing wees, ongeag hul nasionaliteit. Die landbougemeenskap is ook ten gunste van regulasies om Suid-Afrikaanse besit van sekere strategiese gebiede te beskerm, terwyl ander gebiede deur minder beperkings gereël kan word.

x) Beperkings op vreemde besit

Sommige voorleggings het 'n onmiddellike moratorium op vreemde besit voorgestel, en ander het 'n arbitrêre afsnydatum vir transaksies met vreemdelinge voorgestel. Die meerderheid voorleggings het egter nie so 'n drastiese stap ondersteun nie.

xi) Permanenete inwoners

Die Paneel onderskei hoofsaaklik tussen Suid-Afrikaners en vreemdelinge op die grondslag van burgerskap. Een voorlegging het ook voorgestel dat "permanente inwoners" as 'n ander tussenkategorie behandel word, en behoort onderskei te word van seisoenale vreemde besoekers.

xii) Belasting/grond-geld

Belasting as 'n alternatief vir beperkings op vreemde grondbesit het na vore gekom as 'n gewilde voorstel in 'n aantal voorleggins. Een groep het voorgestel :

- vreemdelinge behoort volgens 'n aparte skaal belasting en oordraggelde te betaal wanneer hulle eiendom koop
- verskillende tariewe moet aan plaaslike owerhede betaal word ten opsigte van onontwikkelde erwe; eiendomme wat deur vreemde, permanente inwoners besit word; en deur vreemde, seisoenale besoekers.

xiii) Nog 'n voorstel van die publiek is die volgende:

'n Onderskeid word gemaak tussen "rou grond" (die waarde van die eiendom ontstaan onafhanklik van die eienaar se pogings, soos deur die natuur, goeie bestuur, openbare infrastruktuur, geriewe, ens) en "verbeterings". Die waarde van rou grond bestaan tot "in ewigheid", terwyl verbeterings 'n korter ekonomiese leeftyd het as gevolg van waardevermindering en veroudering. Vervreemding van rou grond aan vreemdelinge beteken dat sy huurinkomste Suid-Afrika verlaat solank die vreemdeling eiendomsreg behou. Verbeterings, selfs deur vreemdelinge, aan die ander kant, is goed vir die ekonomie en kan werksgeleenthede skep. Gevolglik is die voorstel 'n beleid om vervreemding van grond te verbied, maar belegging deur vreemdelinge in verbeterings aan te moedig. Dit kan bereik word deur 'n grondgebruikersheffing of grond-geld in te stel, wat soortgelyk is aan die "onderskeidende" belasting wat as 'n opsie in die nuwe Wet of Dienstegelde beskikbaar is. Afhangende van die koers wat gebruik word om die grond-geld te bereken, kan dit afwesige besit (vreemd en plaaslik) afskrik, en dit kan verseker dat beide stedelike en landelike grond ontwikkel word en nie onbeset gelaat word nie. Dit kan ook verseker dat meer verbeterings aangebring word en dat grondpryse dwarsoor Suid-Afrika afgebring word, aangesien dit spekulasie met grond ontmoedig.

Konsultasie met, en spesiale voorleggings deur, die Eiendomsagente van Suid-Afrika

Die Paneel het geskrewe voorleggings en aanbiedings gedurende openbare verhore ontvang waarin eiendomsagente in die algemeen krities was oor beoogde ingrypings deur die regering in vreemde grondbesit. Ter erkenning van die belangrike rol wat eiendomsagente speel in die aangeleenthede wat by die Paneel se Opdrag ingesluit is, is raadplegende vergaderings in Pretoria/Tshwane en Kaapstad belê met verteenwoordigers van die Instituut van Eiendomsagente van Suid-Afrika (hieronder die "Eiendomsagente" genoem). Die geskrewe voorlegging wat deur die Eiendomsagente aangebied is, het sommige van die inligting in besit van die Paneel bevestig, maar het ook nog nuwe inligting en menings geopper. Die volgende was in die besonder tersaaklik vir die werk van die Paneel :

- Bevestiging van administratiewe knelpunte en soms onvoldoende bevoegdheid op die vlak van plaaslike regering;

- Bevestiging van vinnige styging in huispryse wat lei tot onbekostigbaarheid vir nuwelinge;

- Bevestiging dat tussen 1999 en 2004 die verkope van huise aan vreemdelinge in Kaapstad gemiddeld tussen 6% en 7% van die totale verkope was. (Addendum A gee statistieke oor die residensiële eiendomsmark in die Wes-Kaap.)

- Bevestiging dat vreemde kopers aansienlike beleggings in wynplase het;

- Argument dat verkope aan vreemdelinge (nie kummulatiewe besit deur vreemdelinge nie) nie 1% van residensiële eiendomsverkope oorskry nie, behalwe vir 'n paar kusgebiede in die Wes-Kaap en KwaZulu-Natal waar vreemdelinge 'n aansienlike persentasie uitmaak. Die persentasie korporatiewe eiendomverkope is nie bekend nie.

Die eiendomsagente het onder andere aanbeveel dat :
- 'n Algemene omskrywing van 'n vreemde koper nodig is; en

- Die Akteskantoor opdrag behoort te kry om openbaarmakings van vreemde besit met betrekking tot oordrag van residensiële eiendom aan te teken.

ADDENDUM A

VOORLEGGING AAN DIE DEPARTEMENT VAN GRONDSAKE DEUR DIE INSTITUUT VAN EIENDOMSAGENTE VAN SUID-AFRIKA OOR DIE OMVANG EN INVLOED OP DIE RESIDENSIëLE EIENDOMSMARK VAN VERKRYGINGS DEUR NIE-SUID-AFRIKAANSE BURGERS

BRON : Residential Property Price Ranger (RPPR) per maand vir die Wes-Kaap & South African Property Transfer Guide (SAPTG) totale vir die Wes-Kaap

RPPR - TOTALE VERKOPE IN EENHEDE

JAAR	Des/Jan	Februarie	Maart	April	Mei	Junie
1999	1133	778	1033	922	920	910
2000	1685	1412	1389	908	1165	1004
2001	1785	1217	1241	1017	1135	1109
2002	2245	1527	1356	1294	1650	1191
2003	2346	1458	1325	1266	1297	1372
2004	2538	1597	1631	1423	1405	1508

SAPTG – TOTALE VERKOPE IN EENHEDE

JAAR	Julie	Augustus	September	Oktober	November	TOTAAL
1999	873	1023	978	1138	1130	37 258
2000	962	1152	1002	1286	1139	37 734
2001	991	1165	1014	1298	1290	38 890
2002	1134	1347	1265	1397	1309	47 033
2003	1480	1306	1575	1815	1578	50 103
2004	1232	1373	1485	1492	1435	45 782

RPPR - TOTALE VERKOPE AAN VREEMDELINGE IN EENHEDE

JAAR	Des/Jan	Februarie	Maart	April	Mei	Junie
1999	101	57	56	55	39	31
2000	90	82	68	42	56	37
2001	112	68	76	53	46	45
2002	226	146	145	143	118	71
2003	273	158	149	145	104	79
2004	219	142	141	124	88	83

JAAR	Julie	Augustus	September	Oktober	November	TOTAAL
1999	25	24	27	49	60	528
2000	26	42	38	30	40	549
2001	40	34	34	44	66	618
2002	59	91	86	88	130	1 304
2003	140	100	86	116	92	1 442
2004	59	68	61	87	54	1 126

RPPR - PERSENTASIE EENHEDE DEUR VREEMDELINGE GEKOOP

JAAR	Des/Jan	Februarie	Maart	April	Mei	Junie	Julie
1999	8.9 %	7.35%	5.71%	5.97%	4.24%	3.41%	2.86%
2000	5.34%	5.81%	4.90%	4.63%	4.81%	3.69%	2.70%
2001	6.35%	5.59%	6.12%	5.21%	4.05%	4.06%	4.04%
2002	10.07%	9.56%	10.77%	11.05%	7.15%	5.96%	5.20%
2003	11.64%	10.85%	11.25%	11.45%	8.02%	5.76%	9.46%
2004	8.63%	8.89%	8.65%	8.71%	6.26%	5.51%	4.79%

SPTG – PERSENTASIE EENHEDE GEKOOP DEUR VREEMDELINGE

JAAR	Augustus	September	Oktober	November	TOTAAL	TOTAAL
1999	2.35%	2.74%	4.31%	5.40%	4.87%	1.42%
2000	3.85%	3.59%	2.33%	3.51%	4.19%	1.45%
2001	2.92%	3.35%	3.39%	5.12%	4.67%	1.59%
2002	6.76%	6.80%	6.30%	9.93%	8.30%	2.77%
2003	7.66%	5.48%	4.85%	5.83%	8.58%	2.88%
2004	4.95%	4.11%	5.83%	3.76%	6.58%	2.45%

RPPR - TOTALE WAARDE VAN VERKOPE VIR DIE JAAR (In Rande)

JAAR	Des/Jan	Februarie	Maart	April	Mei	Junie	Julie
1999	459,532,643	329,113,817	388,528,841	367,725,500	385,321,204	433,189,287	335,517,534
2000	716,444,914	588,142,784	624,948,091	422,913,961	475,245,212	398,955,466	389,122,010
2001	821,837,321	801,195,130	604,560,018	483,303,959	578,982,255	528,725,451	457,851,191
2002	1,233,604,975	969,764,035	877,414,060	853,935,238	970,069,200	756,264,428	655,624,514
2003	1,664,478,810	1,057,967,442	983,408,343	926,839,148	947,788,816	1,008,477,683	1,022,759,450
2004	2,220,684,273	1,443,107,950	1,417,127,314	1,272,145,314	1,331,295,877	1,356,129,244	1,191,618,206

SAPTG – TOTALE WAARDE VAN VERKOPE VIR DIE JAAR

JAAR	Augustus	September	Oktober	November	TOTAAL	TOTAAL
1999	330,330,982	406,722,385	458,493,789	215,867,070	4,049,343,062	16,069,816,600
2000	514,106,800	418,367,541	556,119,048	311,008,308	5,411,374,155	16,050,619,569
2001	541,139,964	438,304,295	602,557,533	619,132,609	6,275,599,724	15,180,963,243
2002	781,687,678	789,980,180	850,455,457	915,494,611	9,654,294,356	17,398,475,492
2003	931,867,328	1,203,671,289	1,292,467,414	1,137,589,508	12,177,315,276	23,491,649,609
2004	1,252,299,242	1,434,732,891	1,516,005,447	1,519,000,765	15,954,146,620	30,286,719,634

[redacted]

SOUTH AFRICAN PROPERTY TRANSFER GUIDE (SAPTG)

SAPTG sluit verkope aan Maatskappye en Beslote Korporasies uit

Inligting verkry van die Akteskantoor

SAPTG data gee datum van verkope weer en nie datum van oordrag nie

[redacted]

RESIDENTAIL PROPERTY PRICE RANGER (RPPR)

RPPR verslag kriteria : Verkope bevestig gedurende die maand soos aangeteken soos per datum van verkope, om later oorgedra te word.

Die RPPR verslag sluit verkope aan Maatskappye, Beslote Korporasies en Trusts in.

Die gebiede waaroor verslag gedoen word in die Addendum gelys.

Nota : Die uitleg deur individuele eiendomsagente is subjektief en gebaseer op klem, kapitaalbron ens.

Aanbevelings deur die Parlementêre komitee, en die betrokke resolusies van die Nasionale Grondberaad

Die Paneel het kennis geneem van drie van die aanbevelings van die Portefeuljekomitee oor Landbou en Grondsake wat op 7 Junie 2005 geformuleer is en tersaaklik is vir sy Opdrag. Die drie aanbevelings is die volgende :

- Die regering moet oorweeg om 'n moratorium te plaas op die verkoop van landbougrond aan vreemdelinge totdat die Ministeriële Paneel oor grondbesit deur Vreemdelinge aan die Minister verslag gedoen het;
- Die kantoor van die Registrateur van Aktes behoort grond te registreer volgens ras sodat die vordering met grondhervorming of die oordrag van grond aan swartes voldoende gemonitor kan word; en
- Die regering behoort meganismes te ontwikkel, veral binne die huidige grondbeleid, om die misplaaste opblaas van grondpryse te ontmoedig.

Die Paneel het ook kennis geneem dat voor die Nasionale Grondberaad provinsiale grondopmarse en berade in al die nege provinsies sterk aanbeveel het dat 'n moratorium op die verkryging van grond deur vreemdelinge en korporasies geplaas word. Daar is ook uitgewys dat daar 'n behoefte is aan regeringsregulering van grondpryse om bekostigbaarheid te verseker, sodat restitusie en redistribusie van grond versnel kan word.

Spesiale aandag is gewy aan die aanbevelings van die Nasionale Grondberaad dat

- die staat aktief moet ingryp in die grondmark, onder andere deur die regulering van vreemde besit;

- vreemdelinge slegs toegelaat behoort te word om grond te koop as daar 'n duidelike aanduiding is van produktiewe belegging en volhoubare werkskepping; en

- 'n grondbelasting ingestel moet word.

In haar afsluitingsrede by die Beraad het die Minister van Landbou en Grondsake soos volg opgemerk:

> "Simultaneously, the issue of foreign land ownership was raised sharply, with almost unanimity that a policy on this matter must be developed. I am happy that this summit had three members on the Ministerial panel that is attending to the matter.".

Afdeling 2 Deel 2

Patrone van grondbesit in Suid-Afrika - kwantifisering en ruimtelike kartering

1. Die algemene Oorsig

Hierdie afdeling konsentreer op 'n kwantifisering van grondbesit, die gebruik van grond en pryse van grond en eiendom. Die nasionale verdeling van grondbesit in Suid-Afrika toon dat 76.2% van die totale grondoppervlakte in private besit is en dat die res aan die Staat (20.4%) behoort of in trust namens die staat gehou word (3.4%). Daar moet beklemtoon word dat grond wat deur die munisipale owerhede besit word nog nie by "staatsgrond" ingesluit is nie, maar nog steeds onder "private grond" gelys word. Die volgende tabel verskaf 'n meer volledige uiteensetting van besit in Suid-Afrika.

TABEL 1 : VERDELING VAN GRONDBESIT

	Hektaar	**Hektaar**	**%**
Staatsgrond:		24,919,290	20,4%
Departement van Openbare Werke	6,845,916		
Departement van Grondsake	13,759,968		
Provinsiaal	4,313,406		
Trust:		4,103,096	3.4%
Ingonyama	2,893,232		
Kleurling Landelik	277,926		
Tradisioneel	931,938		
Privaat		92,885,406	76.2%
Totaal		121,907,792	100%

1.1 Die gebruik van grond in Suid-Afrika

Wat grondgebruik betref, is die grootste deel van Suid-Afrika onder natuurlike weiding (73,2%), ongeveer 12% is bewerkbare produktiewe landbougrond, en ongeveer dieselfde deel is toegedeel aan natuurbewaring, terwyl slegs sowat 1% van die grond tans gebruik word vir stedelike en residensiële doeleindes.

Tabel 2 verskaf 'n volledige voorstelling van grondgebruik in Suid-Afrika.

TABEL 2: GRONDGEBRUIK IN PATRONE

Grondgebruik	**Hektaar**	**%**
Bewerkbaar/Landbou	14,753,249	12.1%
Natuurbewaring	14,549,797	11.9%
Bosbou	1,790,270	1.5%
Natuurlike Weiding	89,240,143	73.2%
Industrieel/Kommersieel	274,549	0.2%
Stedelik Residensieel	1,299,784	1.1%
TOTAAL	**121,907,792**	**100%**

Hierdie tabel dui nog nie die deel van vreemde besit aan in elk van hierdie kategorieë nie. Drie kategorieë sal meer aandag kry in hierdie verband, te wete stedelik residensieel, industrieel/kommersieel en bewerkbaar/landbou.

1.2 Grondpryse

Die Paneel se Opdrag sluit in 'n versoek om te kyk na eiendomspryse en die moontlike invloed van vreemde besit op die pryse. Betreffende patrone van eiendomspryse, sonder om te onderskei tussen binnelandse en vreemde besit, sal toegespits word op die drie kategorieë wat die tersaaklikste is vir vreemde besit.

i) Stedelik residensieel

Stedelik residensiële gebruik van grond maak een van die kleinste dele (1.1%) van grondgebruik uit. Die aantal grondbesitters in hierdie kategorie is egter baie meer betekenisvol. Residensiële eiendomme kan verdeel word in drie onderskeibare kategorieë, te wete lae (onder 80m²), middel (tussen 80m² en 440m² of met 'n waarde onder R2 miljoen) en hoë/luukse (groter as 440m² of met 'n waarde oor R2 miljoen). Sedert 1998 het eiendomspryse in die lae segment van die mark gestyg teen 'n koers van onder die gemiddelde inflasiekoers, terwyl pryse aan die hoë kant van die mark min of meer gelyk aan inflasie gestyg het. Residensiële eiendomspryse in die middel-mark het wesenlike stygings in reële terme aangeteken.

Die volgende tabel is 'n opsomming van prysbewegings in die middelkategorie van die residensiële mark.

TABEL 3: PRYS MODELLE : **Nuutgeboude huise (160m²)**

Jaar	**Grond (in Rand)**	**Gebou (in Rand)**	**Totaal (in Rand)**	**Grond as % van totale waarde**	**Gebou as % van totale waarde**
Junie 1998	65,776	208,138	273,914	24.0%	76.0%
Junie 1999	80,562	238,775	319,337	25.2%	74.8%
Junie 2000	92,335	258,335	350,670	26.3%	73.7%
Junie 2001	101,825	288,314	390,140	26.1%	73.9%
Junie 2002	120,695	337,243	457,938	26.4%	73.6%
Junie 2003	154,575	414,872	569,447	27.1%	72.9%
Junie 2004	178,639	445,460	624,099	28.6%	71.4%
% verande-ring per jaar	**18.1%**	**13.5%**	**14.7%**	**3.0%**	**-1.0%**

Bron: *Finance Week* - 27 September 2004 : ABSA

Hierdie table toon dat oor 'n tydperk van ses jaar die styging in pryse 14.7% was. Dit is duidelik dat die grondpryse aansienlik meer as die gebou/konstruksie-komponent van stedelike residensiële eiendomme gestyg het. Dit beteken dat in vergelykende terme grond toenemend duurder word (24% van totale koste in 1998 in vergelyking met 28.6% in 2004), terwyl die gebou/konstruksie-pryse minder word (76% van die totale koste in 1998 teenoor 71.4% in 2004).

Sommige van die faktore wat bygedra het tot die opmerklike stygings in eiendomspryse van middle-kategorie huise is : betreklik lae rentekoerse, hoër beskikbare inkomste van middel-inkomste verdieners (gedeeltelik as gevolg van belastingverligting), verhoogde vraag deur 'n groeiende swart middelklas en verhoogde vraag deur vreemde kopers (gedeeltelik as gevolg van die verswakking van die Rand in 2000 en 2001).

ii) Kommersiële en industriële eiendomme

Prysverhogings van kommersiële en industriële eiendomme was sowat 10 persent per jaar.

iii) Landbou

Prysstygings van landbou-eiendomme was tussen 10 en 25 persent in 2002 en 2003.

Ofskoon aansienlik meer werk vereis word om die invloed van vreemde kopers op die pryse van eiendomme in alle sektore van die eiendomsmark (residensieel, landbou, kommersieel en industreel) te kwantifiseer, is daar duidelike tekens dat die verhoogde vraag deur vreemdelinge opwaartse druk op eiendomspryse geplaas het, veral by residensiële eiendomme in Kaapstad en gebiede soos Umhlanga naby Durban (Sien Aanhangsel 9). Verdere ondersoek van die beskikbare inligting is nodig voordat 'n definitiewe mening deur die Paneel verstrek kan word oor die presiese invloed van vreemde grondbesit op die verhoging van grondpryse in die algemeen.

2. Data van Registrateur van Aktes : ruimtelike kartering, ontleding, uitleg

Die Paneel moes ondersoek instel na die aard en omvang van die inligting wat in die Kantoor van die Registrateur van Aktes beskikbaar is en hoe dit kan help met die ontleding van vreemde grondbesit in Suid-Afrika. Die inligting wat deur die Akteskantoor verskaf word in die algemeen-

(i) is nie ontwerp om te onderskei tussen burgers en nie-burgers (of vreemdelinge) in die algemeen nie;
(ii) is swak saamgestel;
(iii) bevat opvallende foute in die inskrywings; en
(iv) sluit opmerklike duplikasies in.

'n Belangrike verskynsel van die data en inligting verskaf op registrasie-dokumentasie is dat hulle na die registrasie van die akte nooit bygewerk word nie. Die pryse van grond gee die prys weer soos op die tyd van registrasie en weerspiëel nie noodwendig die huidige waarde nie. Volgens die Hoof-Registrateur van Aktes vind data-opneming en aantekening slegs plaas wanneer 'n transaksie vir registrasie aangebied word. Aangesien die totale vreemde aankope sedert 1994 gestyg het, en veral gedurende die verswakking van die Rand, is dit redelik om af te lei dat die waarde van die meeste grond wat deur vreemdelinge besit word waardes weerspiëel wat naby aan 2005 pryse is.

2.1 Kategorieë Vreemdelinge

Registrasie van aktes vereis slegs 'n Suid-Afrikaanse identiteitsnommer of paspoortnommer. Die afwesigheid van 'n identiteitsnommer en die aanwesigheid van 'n vreemde paspoortnommer word aanvaar as aanduidend van vreemde besit. Hierdie aanname is meer betroubaar vir die ontleding van die identiteite van individuele besitters as van korporatiewe besitters. Vir die doeleindes van ontleding aanvaar die Paneel dat vreemde besit uit die volgende kategorieë bestaan :

i. Buitelandse Publiek : Vreemde openbare maatskappye
ii. Vreemd – Permanente Inwoners
iii. Vreemde Vlugtelinge

Daar behoort opgelet te word dat die Akteskantore persone wat burgers van die voormalige TBVC-state was ten tyde van die registrasie van hulle titelaktes, as "vreemdelinge" beskou. Gevolglik word die ontleding van die beskikbare inligting daardeur verwring.

Betreffende vreemde grondbesit, by die ontleding van die Akteskantore se inligting sal korporatiewe besit van eiendom heelwaarskynlik onder die volgende kategorieë gevind word :

i. Botsende/Ongeïdentifiseerde/Blanko
ii. Verskillende nommers/tekste : Registrasie-inskrywings wat nie voldoen aan 'n bekende patroon
iii. Edms. Bpk. (Private maatskappye)
iv. Openbare Maatskappy (publieke maatskappye)
v. BK (Beslote Korporasies)
vi. Artikel 21 (Artikel 21, maatskappy sonder winsbejag)
vii. Trust (geregistreerde trusts)

2.2 Gekonsolideerde statistieke oor grondbesit in Suid-Afrika

Die volgende drie tabelle gee 'n gekonsolideerde oorsig weer van die verskillende persentasies van besit vir elk van die vyf grootste besittersgroepe en vier vorms van grondgebruik.

Die vyf besittersgroepe is eerstens onvolledige of gebrekkige Registrateursdata waar die kategorie besit onduidelik is (die kategorie "Gebrekkige Data"), tweedens, Suid-Afrikaanse private individuele besitters ("Suid-Afrikaners"), derdens, grond wat deur die Suid-Afrikaanse Staat besit word ("SA Staat), vierdens, vreemde grondbesit deur individue ("Vreemdelinge") en laastens, eiendomme wat deur regspersone besit word, beide Suid-Afrikaanse en vreemde ("Regspersone"). Die kategorieë van grondgebruik is residensiële gebruik ("ERWE"), kommersiële landbou gebruik ("PLASE"), landbou hoewe gebruik ("HOEWES") en deeltitel gebruik ("DEELTITELS"). Tabel 4 bevat 'n opsomming van die getal besitters in elkeen van die kategorieë.

TABEL 4 : GETALLE

BESITTER	**ERWE**	**PLASE**	**HOEWES**	**DEELTITELS**
Gebrekkige data	11.15%	16.40%	10.52%	5.28%
Suid-Afrikaners	71.06%	49.80%	69.95%	74.33%
S A Staat	12.19%	5.80%	6.17%	1.11%
Vreemdelinge	0.93%	0.55%	1.79%	3.02%
Regspersone	4.67%	27.45%	11.57%	16.26%
TOTAAL	**100.00%**	**100.00%**	**100.00%**	**100.00%**

Tabel 5 gee 'n opsomming van die waarde van eiendomme in al die kategorieë.

TABEL 5 : WAARDE VAN EIENDOMME

BESITTER	ERWE	PLASE	HOEWES	DEELTITELS
Gebrekkige data	17.66%	15.70%	4.10%	11.40%
Suid-Afrikaners	17.73%	5.69%	43.19%	48.03%
S A Staat	0.26%	0.37%	0.14%	0.14%
Vreemdelinge	0.74%	0.15%	1.75%	2.46%
Regspersone	63.61%	78.09%	50.82%	37.97%
TOTAAL	**100.00%**	**100.00%**	**100.00%**	**100.00%**

Tabel 6 gee 'n opsomming van die gebied of grootte van die grond wat deur die verskillende kategorieë besitters besit word.

TABEL 6 : GEBIED/GROOTTE VAN GROND

BESITTER	ERWE	PLASE	HOEWES	DEELTITELS
Gebrekkige data	8.27%	11.97%	18.48%	1.17%
Suid-Afrikaners	6.53%	48.60%	49.34%	22.27%
S A Staat	81.00%	5.73%	21.97%	0.11%
Vreemdelinge	0.07%	0.07%	1.98%	0.52%
Regspersone	4.13%	33.63%	8.23%	75.93%
TOTAAL	**100.00%**	**100.00%**	**100.00%**	**100.00%**

In die lig van die streeksverskille in grondgebruik moet hierdie tabel nie op sy eie ontleed word nie. Dit is duidelik uit die tabelle dat korporatiewe besit van plase hoog in waarde (78.09%) is, maar baie kleiner in grootte (33.63%). Dit beteken dat hulle plase is met hoë waarde soos wynplase. Plase wat deur Suid-Afrikaanse individue besit word, is groot (48.60%), maar baie laer in waarde (5.69%). Besit deur vreemde individue is deurgaans betreklik klein in grootte en waarde.

TABEL 7 : GEKOMBINEERDE DATA VAN BESIT DEUR VREEMDELINGE

Afmeting	**Erwe**	**Plase**	**Hoewes**	**Deeltitels**
Getalle	0.93	0.55	1.79	3.02
Waarde	0.74	0.15	1.75	2.46
Grootte	0.07	0.07	1.98	0.52

Die enigste afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat vreemde individue blykbaar meer in stedelike residensiële grond belangstel. Hul sterkste aanwesigheid is in die kategorie van deeltitel besitters.

TABEL 8 : PATRONE VAN BESIT ONDER VREEMDELINGE

Tipe grond	**Getal**	**% van Getal**	**Waarde in R**	**% van Waarde**	**Grootte(km²)**	**% van Grond**
Erwe	52,786	65.66%	13,992,479,496	61.99%	945.488	31.99%
Plase	2,540	3.16%	1,009,916,956	4.47%	1 724.143	58.33%
Hoewes	1,049	1.30%	258,657,755	1.15%	283.800	9.60%
Deeltitels	24,013	29.87%	7,312,556,270	32.39%	2.316	0.08%
TOTAAL	**80,388**	**100.00%**	**22,573,610,477**	**100-00%**	**2 955.804**	**100.00%**

Die verskil tussen tabelle 7 en 8 is dat 7 besit deur vreemdelinge opsom as 'n deel van die ander kategorieë besitters. Tabel 8 konsentreer slegs of vreemde individue en som neigings en verspreiding van besit op van daardie individue alleen.

Tabel 8 toon duidelik aan dat vreemdelinge hoofsaaklik in stedelike residensiële eiendomme belangstel, met erwe en deeltitels wat meer as 90% van die getalle en waarde van vreemde eiendomme in Suid-Afrika uitmaak Die fisiese grootte van hul deeltitel-eiendomme kan geïgnoreer word, in die lig van die inherente klein grootte van al sulke eenhede in vergelyking met erwe, plase en landbou-hoewes. Hierdie tabel bevestig die interne konsekwentheid wat ook in Tabelle 5 tot 7 voorkom. Tabel 8 beklemtoon stedelike, residensiële besit meer as tabelle 5 tot 7, hoewel die prominensie van deeltitel-eiendomme deur table 8 bevestig word.

Tendense met betrekking tot erwe en plase is die volgende :

Erwe

Volgens table 7 besit vreemde individue in getalle .93% van die residensiële erwe in Suid-Afrika. Die waarde en grootte van hierdie eiendomme as persentasies van die totaal is onderskeidelik 0.74% en 0.07%.

Volgens table 8 maak stedelike residensiële erwe ongeveer 65% uit van al die eiendomme wat deur vreemde individue in Suid-Afrika besit word.

Die meeste vreemdelinge wat die 0.93% eiendomme besit, is persone met permanente verblyfstatus (52,529). Vreemde vlugtelinge (153) is die tweede grootste groep, met vreemde Openbare Maatskappye (104) wat die kleinste groep uitmaak. Geen inligting oor vreemde individue wat nie permanente inwoners is nie, is beskikbaar nie. Hulle kan wel onder die Onbekende kategorie val. Die totale persentasie van 0.93% residensiële besitters kan aansienlik verander sodra die kategorie van gebrekkige inligting oor besitters reggestel is.

Plase

Besit van plase deur vreemde individue gee rekenskap van ongeveer 0.55% (tabel 4), wat beduidend laer is as die getal en waarde van Erwe. Hierdie plase word omtrent geheel en al besit deur vreemdelinge met permanente verblyfstatus.

Gevolgtrekking

Vreemde individue met permanente verblyfstatus het sowat 1% van die stedelike residensiële grond in Suid-Afrika verkry. Hulle het ook 'n waarskynlik geringe persentasie (0.5%) van landelike grond in Suid-Afrika bekom. Nietemin, is hulle egter baie meer opmerklik in die stedelike residensiële (veral deeltitel-eiendomme) kategorie. Geen gevolgtrekking kon bereik word oor vreemdelinge wat nie permanente inwoners is nie, want geen betroubare statistieke is beskikbaar nie.

2.3 Vreemde Korporatiewe besit

Een van die ernstigste tekortkomings in die huidige registrasie-vereistes by die Akteskantore is dat korporatiewe persone of regspersone nie hul nasionaliteit hoef te openbaar nie. Die aktes-statistieke is dus nie van enige hulp om die omvang van vreemde besit deur korporatiewe entiteite in Suid-Afirka te bepaal nie. Die aard van korporatiewe (Suid-Afrikaanse en vreemde) besit is reeds gedemonstreer in tabelle 4 tot 6, en dit kan soos volg opgesom word :

TABEL 9: GEKOMBINEERDE DATA OOR BESIT DEUR KORPORATIEWE ENTITEITE

Afmeting	**Erwe**	**Plase**	**Hoewes**	**Deeltitels**
Waarde	63.61%	78.09%	50.82%	37.97%
Getalle	4.67%	27.45%	11.57%	16.26%
Grootte	4.13%	33.63%	8.23%	75.93%

'n Opvallende kenmerk van hierdie statistieke is dat, hoewel die getal en fisiese grootte van die eiendomme betreklik klein is, hul waarde buite verhouding hoog is. Dit beteken dat hulle hoofsaaklik eiendomme in die prima mark is, wat dus 'n hoë spekulatiewe waarde sal hê. Die invloed van korporatiewe besit op die Suid-Afrikaanse ekonomie kan dus nie geïgnoreer word nie en vereis fyn monitering.

Anekdotiese getuienis (soos diè wat deur eiendomsagente en by openbare verhore aan die Paneel verskaf is), sowel as getuienis wat deur kommersiële banke, veral ABSA-bank, voorgelê is, gee te kenne dat vreemde korporatiewe besit aansienlik is. Die volgende is 'n paar voorbeelde :

Die Paneel het vasgestel dat daar gevalle is waar vreemde korporasies volle filiale stig wat as Suid-Afrikaanse maatskappye geregistreer word. 'n Voorbeeld is die Utrechtse Beheer Maatskappij "Catherine" B.V. wat die Marakele Park (Edms) Bpk, CCG 088 Beleggings (Edms)Bpk en CCG 108 Beleggings (Edms) Bpk besit. Hierdie korporasies het aansienlike hoewes binne en rondom Marakele Nasionale Park in Limpopo.

Vreemde korporatiewe besitters het ook in aansienlike getalle in wynplase belê. Onlangse opvallende vreemde beleggings sluit in :

- Die Franse besitter van Anne Cointreau-Huchon van die likeur en Cognac familie het groot beleggings in die Morgenhof Eiendom gemaak.
- Die Italiaanse Graaf Ricardo Agusta het sowat R17miljoen belê in die opknapping van die Agusta Wynkelder in Franschoek.
- 'n Bahamaans-Amerikaase-SA wyn vennootskap het in 2001 die BoweJoubert Wingerd en Wynmakery gestig.
- Dornier Wines verteenwoordig 'n R100 miljoen belegging deur sy Switserse eienaar. Chateau Pichon-Longueville-Lalande het onlangs 'n 310 akker eiendom, Glen Elly, in Simonsberg gekoop.

Transnet se verkope van die Kaapse Waterfront is nog 'n voorbeeld waarby aansienlike vreemde kapitaal betrokke is.

Die volgende is hindernisse om 'n meer akkurate ontleding van die huidige situasie te maak :

Beslote korporasies word by die Registrasie kantoor vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (CIPRO) geregistreer. Die Registrateur se lêer van die registrasie maak nie voorsiening vir 'n aangewese plek vir nasionaliteit nie. Dit vereis die besitter se Suid-Afrikaanse identiteitsnommer. In die afwesigheid daarvan word die besitter se geboortedatum ingevul. Vreemde besit van 'n beslote korporasie kan derhalwe slegs opgespoor word deur te aanvaar dat die afwesigheid van 'n identiteitsnommer op 'n vreemde besitter dui.

Ten opsigte van maatskappye word geen nasionaliteitsverklarings vir registrasie vereis nie. Gevolglik moet die nasionaliteit van elke aandeelhouer afsonderlik bepaal word. Dit wil voorkom asof meeste maatskappye 'n mengsel van individuele en juridiese aandeelhouers het. Maatskappye moet aandeelhouers bekendmaak ingevolge regulasies, wat hulle 30 dae toelaat om te antwoord. Dit is dus arbeids-intensief en 'n moeisame proses.

Die Kantoor van die Meester van die Hoë Hof in elkeen van die veertien provinsiale afdelings is verantwoordelik vir die registrasie van trusts. Aangesien 'n akte van registrasie nie inligting bevat oor die nasionaliteite van trustees nie, moet die Meesterskantoor vir daardie inligting genader word.

In die lig van bogemelde, is die volgende beleidsoorwegings van belang :

1. Die tekortkomings in die registrasie van aktes regverdig 'n wysiging van die statutêre vereistes met betrekking tot nasionaliteit en burgerskap, nie net vir vreemde individuele besitters nie maar ook vir korporatiewe besitters.
2. Moontlike skuiwergate in die vereistes van openbaarmaking, soos voordoening, moet toegemaak word.
3. Die omskrywing van "vreemde besit" het meer aandag nodig, soos die persentasie-drempel vir sy besitters, trustees of aandeelhouers van 'n korporatiewe entiteit om as hetsy Suid-Afrikaans of vreemd te kwalifiseer. Nog 'n probleem is hoe om wisselende besit, soos aandeelhouding in genoteerde maatskappye, te hanteer.

3. Die omvang van grond in staatsbesit

Die argument word dikwels aangevoer dat grondhervorming bereik kan word deur grond in staatsbesit te gebruik, en dat aandag wat aan ander vorms van grondbesit (ook vreemde besit) geskenk word, nie geregverdig is nie. Gevolglik behoort aandag gegee te word aan die beskikbaarheid en gebruik van staatsgrond. In die lig van die verband tussen die beskikbaarheid van grond vir betekenisvolle grondhervorming en die Paneel se Opdrag, is konkrete getuienis aan die Paneel voorgelê wat die siening weerlê dat die Staat groot dele van grond besit wat geskik is vir grondhervorming (sien ook tabelle 1 en 4 tot 6). Die statistieke wat hieronder gegee word, spreek boekdele oor hierdie geskil. Selfs as dit waar was dat sulke grond bestaan, sal die Opdrag van die Paneel nog steeds tersaaklik wees.

Die grootste gedeelte van staatsgrond is reeds geokkupeer en word gebruik deur Swartes en Gekleurdes. Hulle was voorheen bloot "huurders" van die staat en sal nou kragtens CLARA (sowat 19 miljoen hektaar) en ander wetgewing titel verkry op die grond wat hulle okkupeer. Staatsgrond sal dus dramaties verminder word. Ander staatsgrond wat deur die Departement Openbare Werke, en in sommige gevalle deur Grondsake (voormalige tuislande), besit word, word deur die verdedigingsmag, openbare werke ondernemings in staatsbesit en bewaringsorganisasies bestuur. Bowendien is groot gebiede staatsgrond in swak ekologiese streke en nie geskik vir onmiddellike lae-koste volhoubare en produktiewe ontwikkeling nie.

Die Paneel is van oordeel dat die Regering die openbare persepsie dat groot gebiede staatsgrond nie gebruik word nie en vir grondhervorming aangewys kan word, moet regstel. Ingevolge die Paneel se Opdrag word die behoefde om vreemde besit en grondgebruik te monitor en te reguleer, verhoog deur die feit dat private grond, en nie staatsgrond nie, krities belangrik is vir grondhervorming en transformasie. Die antwoord op billike toegang tot grond kan nie verkry word deur die verdeling van staatsgrond alleen nie.

Die volgende is 'n voorstelling van die omvang van staatsgrond in Suid-Afrika (in hektaar).

In die volgende vier kaarte word 'n visuele voorstelling gemaak van die aard en omvang van vreemde grondbesit in Suid-Afrika.

ADDENDUM B

KAART 1 : KATEGORIEë VAN BESIT - VRYSTAAT

KAART 2 : TELLING VAN VREEMDE BESIT AS 'N PERSENTASIE VAN TOTALE EIENDOMME

KAART 3 : WAARDE VAN VREEMDE BESIT AS 'N PERSENTASIE VAN TOTALE WAARDE

KAART 4 : GEBIED VAN VREEMDE BESIT AS 'N PERSENTASIE VAN TOTALE GEBIED

Afdeling 2 Deel 3

Internasionale praktyke en beleidsrigtings : Regulering van besit en gebruik van grond en eiendom deur vreemdelinge in ander lande

Ten einde behoorlik oorweging te skenk aan grondbesit deur vreemdelinge, moet die Paneel se aanbevelings ook gebaseer word op vergelykbare beleidsrigtings en praktyke in ander lande. Die Paneel se Opdrag sluit dus ook in, onder andere, die versoek om "vergelykbare internasionale/vreemde praktyke (wette, beleid, invloed, ens) oor die geskil van grondbesit deur vreemdelinge" te ondersoek. Die Paneel lê dit uit as 'n taak om te kyk wat ander state doen in die verband, en om dan die benaderings wat die geskikste is vir oorweging in Suid-Afrika ook te identifiseer. Aanhangsel 6 bevat die gedetailleerde opname van internasionale praktyke en beleidsrigtings in ander dele van die wêreld. In hierdie afdeling word die mees tersaaklike aspekte beklemtoon. Die Paneel het opnames in die volgende lande gemaak :

Afrika : Malawi, Nigerië, Zambië, Zimbabwe

Midde-Ooste: Jordanië, Iran, Israel

Wes-Europa: Oostenryk, Frankryk, Noorweë, Switserland, Turkye, Spanje, Swede, Denemarke,

Finland, Griekeland, Ierland, Portugal

Oos en Sentraal Europa: Lithuanië, Slovakye, Pole, Tjegiese Republiek, Hongarye

Noord-Amerika: Kanada, Verenigde State van Amerika

Asië en die Stille Oseaan: Indië, Japan, Suid-Korea, Thailand, Singapoer, Indoniesië, Australië,

New Zealand

Latyns Amerika: Columbië, Brazilië, Mexiko, Chilli

Gedurende Julie en Augustus 2005 het lede van die Paneel en lede van die tegniese ondersteuningspan studiereise onderneem na die volgende lande : Kanada, Chilli, Brazilië, Indonesië, Singapoer, Engeland en Skotland. Die inligting wat versamel is, is ontleed en verskyn ten volle in Aanhangsel 12.

Algemene tendense geïdentifiseer in die internasionale praktyke en beleidsrigtings

In die volgende bespreking word vyf algemene tendense afgelei uit die internasionale voorbeelde wat die Paneel ondersoek het.

1. Strategiese faktore en nasionale belang

Nasionale belang en nasionale veiligheid word miskien meer as enige ander faktore aangevoer as die hoofredes vir die oplegging van beperkings op vreemde grondbesit of ander grondgebaseerde hulpbronne. Wat neerkom op nasionale belang en veiligheid word deur baie faktore beïnvloed, ook die tyd van die besluit en ander geo-politieke oorwegings. Wat dus 'n belangrike vraag van nasionale veiligheid is, kan verval of ontstaan soos die tyd verloop of deur skielike veranderings in die geo-politieke klimaat.

'n Paar ander motiverings wat beperkings op vreemde besit regverdig, is ook regverdigbaar op gronde wat analoog is aan nasionale belang en veiligheid. Nasionale belang omvat dus bekommernisse soos voedselveiligheid, beskerming van die kus en sensitiewe grond en water, kommunale grond, nasionale monumente, veiligheids- of militêre instellasies en ander gebiede van nasionale strategiese belang. Die Regering van Australië (Opsomming van Australiese Buitelandse Beleggingsbeleid uitgereik deur die Teourie – Mei 2000), doen soos volg verslag:

> Die Regering bepaal wat "teen die nasionale belang" is deur die algemeen aanvaarde bekommernisse van die gemeenskap in Australië in ag te neem. Die gemeenskap se bekommernisse word dus weerspiëel in spesifieke beperkings op vreemde belegging wat in meer sensitiewe sektore soos die media en ontwikkelde residensiële vaste eiendom geld. Die siftingsproses verskaf 'n duidelike en eenvoudige meganisme vir die hersiening van die optrede van vreemde beleggers in Australië wanneer hulle probeer om nuwe besigheidsbelange te vestig of te verkry of om addisionele eiendomme te koop. Op hierdie wyse kan die Regering druk plaas op vreemde beleggers om in Australië op te tree soos goeie korporatiewe burgers as hulle hul aktiwiteite in Australië wil uitbrei. Verreweg die meeste vreemde beleggingsvoorstelle het betrekking op die aankoop van vaste eiendom.
>
> Die Regering probeer verseker dat vreemde belegging in residensiële vaste eiendom die aanbod van woonplekke verhoog en nie spekulatief van aard is nie. Die Regering se vreemde beleggingsbeleid probeer dus om vreemde belegging in die behuisingsektor te kanaliseer na aktiwiteite wat regstreeks die aanbod van nuwe behuising verhoog (i.e. nuwe ontwikkelings – huise en grond, verblyfeenhede, stadshuise, ens) en voordele bring vir die plaaslike boubedryf en hul verskaffers.

2. Ekonomiese faktore

Ekonomies-verwante beheermaatreëls blyk heersend te wees in baie lande, aangesien die ware aard van vreemde verkrygings en gebruik van onroerende goed in 'n land na bewering hoofsaaklik beïnvloed word deur die betreklike finansiële superioriteit van nie-burgers teenoor die plaaslike burgers. Maatreëls word dus ingestel om die vloei van belegging te beperk of te stuur ooreenkomstig oorwegings van nasionale belang. Die regverdiging vir ekonomiese beheer sluit in die behoefte om grondspekulasie te beperk wat 'n potensiële bron van verwringing van die markpryse van landbou- en behuisingsgrond is.

Dit is van kardinale belang dat ons antwoorde soek op die swewende vraag van wat die determinante van direkte vreemde belegging (FDI) is. Of liewer meer direk : sal die regulering van grondbesit deur vreemdelinge die FDI negatief beïnvloed? Studies het openbaar dat hoewel 'n liberale beleid van belegging nodig is om FDI te lok, dit nie voldoende is nie. Ander beslissende faktore vir verhoogde vloei van FDI is : die grootte van die mark, groei, produksiekoste, vaardigheidsvlakke, voldoende infrastruktuur, ekonomiese stabiliteit en die duidelikheid en stabiliteit van reëls wat korrupsie en ander vorms van huur-aanvraag effektief kan uitskakel. Dit verduidelik waarom lande met uiteenlopende burgerskapbeperkings of beleggings-billikheid, soos Thailand, Maleisië, Singapoer en veral Sjina, tussen die top 20 ontvangers van FDI oor die hele wêreld is. Sjina wat die strengste nasionaliteitsvereiste het, is nommer een op die lys van twintig.

Die voorste groep geïndustrialiseerde lande in die wêreld van die "Organisation for Economic Co-operation and Development (OECD)" se *Checklist for Foreign Direct Investment Incentive Policies"* (OECD 2003), verklaar as "Guiding Principles for Policies Toward Attracting Foreign Direct Investment" dat :

> Die doel van beleidsrigtings om FDI to lok, moet noodwendig wees om beleggers te voorsien van 'n omgewing waarin hulle hul besigheid winsgewend kan bedryf sonder om onnodige risiko aan te gaan. Ondervinding wys dat sommige van die belangrikste faktore wat deur beleggers oorweeg word as hulle op ' n plek vir belegging besluit, is :

- 'n Voorspelbare en nie-diskriminerende reguleringsomgewing en 'n afwesigheid van onnodige administratiewe beletsels teen sake in die algemeen.
- 'n Stabiele makro-ekonomiese omgewing, met inbegrip van toegang tot deelneming aan internasionale handel.
- Voldoende en toeganklike hulpbronne, met inbegrip van die teenwoordigheid van tersaaklike infrastruktuur en menslike hulpbronne.

Die mees effektiewe optrede deur owerhede van gasheerlande om aan beleggers se verwagtings te voldoen, is :

- Waarborg van deursigtigheid in die openbare sector, asook 'n onpartydige stelsel van howe en wetstoepassing.
- Versekering dat reëls en hul implementering berus op die beginsel van nie-diskriminasie tussen vreemde en huishoudelike ondernemings, en in ooreenstemming met die volkereg is.
- Voorsiening van die reg van gratis oordragte met betrekking tot 'n belegging en beskerming teen willekeurige onteiening.
- Instelling van voldoende raamwerke vir 'n gesonder en mededingende omgewing in die huishoudelike sakesektor.
- Verwydering van struikelblokke in die weg van internasionale handel.
- Herstel van die aspekte van die belastingstelsel wat versperrings vir FDI is.
- Versekering dat openbare besteding voldoende en tersaaklik is.

Eiendomsbelasting as 'n ekonomiese faktor word ook soms geopper as 'n instrument om 'n onderskeid in die grondmark te maak tussen spekulasie en belegging deur vreemdelinge. Verskeie lande, insluitend Namibië, Frankryk, die Verenigde State en New Zealand, gebruik dit inderdaad, hetsy alleen of saam met ander maatreëls vir balansering. In die VSA beheers die Foreign Investment Real Property Tax Act (FIRPTA) beskikkings oor belange in vaste eiendom in Amerika deur 'n vreemde persoon of entiteit. 'n Persoon wat voldoen aan die wesenlike aanwesigheidstoets (om vir minstens 183 dae in die VSA te wees) of wat vir belastingdoeleindes as 'n inwonende vreemdeling kwalifiseer, word nie as 'n vreemde persoon beskou nie. Die bedrag wat weerhou moet word en deur die koper aan die "Inland Revenue Service" (IRS) betaal moet word, is 10% van die bedrag wat op die oordrag gerealiseer is, of 35% van die wins wat deur 'n huishoudelike korporasie, vennootskap, trust of boedel gemaak is. 'n Vreemde korporasie wat 'n VSA-vaste eiendom belang het wat onder enige verdragsverpligting is, is geregtig op nie-diskriminerende behandeling met betrekking tot daardie belang en kan kies om vir die doeleindes van daardie bepaling as 'n huishoudelike korporasie behandel te word. As die belang in vaste eiendom deur die vreemde persoon of entiteit gebruik word om gedurende die belastingjaar inkomste te genereer, en die eiendom is in die VSA geleë, bepaal die wet 'n 30% belastingkoers (of die koers van die belastingverdrag, indien laer). Die vreemde persoon of entiteit kan egter kies om die inkomste van die vaste eiendom te behandel as inkomste wat effektief verband hou met 'n VSA-bedryf of besigheid en dit sodoende onderworpe maak aan progressiewe belastingkoerse.

3. Totale verpligte verbod

Debatte oor grondbesit deur vreemdelinge word deels gelei deur voorstanders van 'n verpligte en totale verbod op besit deur vreemdelinge. Volgens Stephen Hodgson, Cormac Cullinan, Karem Campbell[14], het betreklik min lande waar opnames gedoen is 'n totale verbod op vreemde besit of gebruik van grond. Sommige lande soos China, Viëtnam, Ethiopië en 'n aantal ander maak 'n onderskeibare kategorie uit waar burgers ook nie toegelaat word om grond volkome te besit nie. Sjina verleen gelyke behandeling aan vreemdelinge deurdat grondgebruiksregte ook aan hulle verleen kan word. In Zambië bepaal die "Land (Conversion of Titles) Act" dat alle grond absoluut in die President vestig, "and shall be held by him in perpetuity for and on behalf of the people of Zambia". Verder word bepaal dat grond aan geen persoon toegestaan sal word nie behalwe vir 'n gespesifiseerde termyn van tot 100 jaar. So 'n bepaling, wat nie ongewoon in die Afrika-verband is nie, sluit egter nie op sigself vreemdelinge uit van die verkryging van grondregte wat netso sterk is as wat enige burger kan verkry nie. Sulke grondregte kan in die praktyk gelyk wees aan eiendomsreg, ofskoon dit onderworpe is aan 'n hoër juridiese reg van die staat of the President.

---

14 "Landowners and Foreigners : A Comparative Analysis of Regulatory Approaches to the Acquisition and Use of Land by Foreigners" (FAO, Desember 1999, bl 31)

Gekwalifiseerde vorms van verbod is meer verspreid regdeur die wêreld. Voorbeelde is Singapoer (waar besit van grond deur vreemdelinge verbode is), Mexico naby sy internasionale grense, en Switserland.

4. Aanmelding en Beperkings

Die meerderheid lande in al die streke van die wêreld het een of beide beperkings op die besit/verkryging van grond, en aanmeldingsvereistes vir besit/verkryging van grond deur nie-burgers. Verskeie vorms van beperkings bestaan met inbegrip van (a) huurtydperke of termyn-beperkings; (b) beperkings op kus-sones, en in sensitiewe of verbode gebiede; (c) beperkings op hoeveelheid grond; (d) wederkerigheid of voorkeurbehandeling vir burgers; (e) voorkoopreg en reg op eerste weiering; en (f) permit of magtigingsvereistes. Aanmelding- of openbaringsmaatreëls stel lande in staat om 'n akkurate databasis oor grondbesit deur nie-burgers of nie-inwoners betyds te verseker as 'n basis vir beleidsingryping. Hierdie aanmelding- en openbaarmakingsmaatreëls word vir 'n reeks beplannings- en regeringsdoeleindes (soos belasting- en veiligheidsvrae) gebruik deur lande soos Mexico, Kanada, Australië, New Zealand, Thailand en die Verenigde State van Amerika.

5. Wetgewing oor aanmelding, Monitor of Openbaring van grondinligting

Opspoor van grondbesit [15] (soos van toepassing byvoorbeeld in Nova Scotia in Kanada) verskaf 'n stelsel om betyds inligting te versamel en by te werk soos die eiendomme verkoop word. Dit verseker dat 'n akkurate en omvattende databasis oor nie-burgerskap en nie-verblyfstatus beskikbaar is waarop toekomstige besluite gebaseer kan word. Betroubare data wat oor 'n tydperk versamel word, verskaf die inligting wat nodig is om vrae waaroor die gemeenskap bekommerd is, te beantwoord wanneer hulle ontstaan.

'n Opsomming van die grondregulasies oor vreemde besit in Chili, Indonisië, Singapoer, Engeland en Skotland

Chili

Die oorheersende eienskap van Chili se FDI omgewing is die baie oop klimaat wat die land weergee. Grond is geen uitsondering nie. Daar is so te sê geen regulasies oor die aankoop van grond deur vreemdelinge nie, behalwe ten opsigte van grens- en kusgebiede. Burgers van Peru, Argentinië en Bolivië kan nie grond binne 'n 10km buffer-sone tussen die grense van hierdie lande verkry nie. Daarbenewens is die baie lang weskus nie oordraagbaar nie en word slegs onder konsessie toegestaan.

---

15 sien "Non-resident Land Ownership in Nova Scotia" – Finale verslag van die Vrywillige Beplanningstaakmag oor Nie-inwoner Grondbesit, Desember 2001

Ongeveer 35% van die grondoppervlakte van Chili is staatsgrond, waarvan 15% onder die jurisdiksie van die Ministerie van Nasionale Eiendom val, en 20% beskermde grond is wat onder die Departement van Bosbou val. Sowat 65% is in private besit. Die Ministerie van Nasionale Eiendom is belas met die verantwoordelikheid om al die grond onder die verskillende regeringstakke te bestuur ooreenkomstig 'n duidelike strategie van gebiedsontwikkeling en regulering van die onderskeie gebruike van staatseiendom. Dit sien om na die verkryging van grond deur die staat vir doeleindes van goeie regering deur aankope, oordragte, donasies en onteiening. Die verkoop van staatseiendom word slegs toegelaat indien die Ministerie 'n stuk grond as nie-noodsaaklik vir die behoorlike funksionering van die staat verklaar. Die oordrag van staatseiendom word gedoen deur ope en openbare tender.

Die Ministerie van Nasionale Eiendom het twee hooftakke van aktiwiteit. Dit probeer om produktiewe beleggings in staatsgrond te bevorder en om 'n model vir volhoubare beskerming van staatsbates te verseker.

Chili diskrimineer nie teen vreemdelinge ten opsigte van belegging in die land nie. Daar is twee tegnieke vir vreemde belegging. Eerstens, Hoofstuk 14 van die "Compendium of Foreign Exchange Regulations of the Chilean Central Bank", en tweedens, die "Foreign Investment Statute, Decree Law 600".

Hoofstuk 14 stel 'n algemene tegniek in vir die registrasie van vreemde belegging en dit het geen magte om 'n vreemde beleggingsprojek te keur of te verwerp nie. Inteendeel is dit veronderstel om die vrye toegang, gebruik en uitgaan van beleggingsvloei te vergemaklik. "Decree Law 600", aan die ander kant is 'n opsionele tegniek waardeur 'n vreemde belegger 'n beleggingskontrak aangaan met die Chileense staat. Die "Decree" bepaal spesiale voorwaardes vir beleggers soos die reg om kapitaal oor te dra, om winste te repatrieer, waarborg van nie-diskriminasie teen vreemdelinge, die reg om aan enige vorm van belegging deel te neem, om bates onbepaald te behou en belastingstabiliteit. Hierdie vrywillige toepassing van sulke kontrakte kan slegs verwerp word as hulle openbare orde, nasionale veiligheid of algemene ekonomiese beleid weerspreek. Die Foreign Investment Committee is belas met die verantwoordelikheid om die "Decree Law 600" te administreer. Ofskoon die algemene klimaat neig om vreemde belegging aan te moedig, is daar tog sommige beperkings. Nie-Chilene mag nie 'n Chileense vismaatskappye of in die media belê nie, tensy hul tuisland 'n wederkerige reeling met Chili het. Die Europese Unie het in 2002 so 'n ooreenkoms onderteken om kommersiële vismaatskappye te dek. Hoewel daar geen beperkings is op vreemde belegging in telekommunikasie nie, word van beleggers vereis om 'n lisensie te bekom en hulle is streng beperk. Chili het 'n Vrye Handelsooreenkoms met die VSA aangegaan wat op 1 Januarie 2004 in werking getree het.

Hierdie oop beleggingsklimaat het een persoon, Douglas Tompkins, toegelaat om groot stukke grond in Chili (skattings wissel tussen 400,000 en 500,000 hektaar) te bekom. Hoewel die grond skynbaar gekoop is om nasionale parke te skep om die land se gematigde woude te beskerm, het Tompkins se reusagtige besit van Chileense grond die land prakties in twee verdeel. Dit het 'n intense debat aangespoor oor die vraag of 'n vreemdeling toegelaat moes word om soveel grond te bekom. Chileense burgers (van links en regs van die politieke spektrum) het openlik sy

motiewe bevraagteken en hulle het 'n wetsontwerp opgestel om hierdie soort vreemde besit te beperk op grond van die territoriale integriteit van die land.

Indonesië

Alle regulasies oor besit, okkupasie en gebruik van grond is op beide Indonesiese burgers en vreemdelinge van toepassing. Indonesië behoort tans slegs aan Indonesiërs en die reg op grondbesit is beperk en gereguleerd.

Oor die algemeen is daar geen onderskeiding tussen Indonesiese burgers en vreemdelinge wat in Indonesië woon nie, behalwe dat vreemdelinge nie onbeperkte titel kan kry nie. Vreemdelinge wat in Indonesië gedomisilieerd is, kan voordele uit die grond verkry op dieselfde wyse as burgers. Maar toegang tot grond kan slegs deur vreemdelinge verkry word indien hulle aan sekere vereistes voldoen wat by wet voorgeskryf is. Nie-voldoening aan daardie vereistes diskwalifiseer vreemdelinge om enige soort grondreg te hê. Die "National Agrarian Law" van 1960 laat vreemdelinge die regte van gebruik toe. Dit verleen eiendomsreg van residensiële huise of huurpag in Indonesië op grond van Regeringsregulasie 41/1996. Die regulasie vereis dat vreemdelinge in Indonesië gedomisilieerd moet wees en dat hul teenwoordigheid nasionale ontwikkeling moet bevoordeel. Persone wat so 'n reg het, kan slegs een huis of een eenheid van 'n woning (deelhuis) wat nie klein is nie besit. Die grondrede is slegs om hulle toe te laat om na hul beleggings in die land om te sien. Vreemde regsentiteite wat ooreenkomstig Indonesiese reg gestig is en in Indonesië gedomisilieerd, is kan die reg verkry om grond wat aan die staat behoort, te bewerk. Indonesië beperk die grootte waarop hierdie reg uitgeoefen kan word tot vyf hektaat in digbewoonde gebiede en sewentig hektaar in minder digbewoonde gebiede.

Huur is nog 'n soort grondbesit wat vir vreemdelinge wat in Indonesië woon, beskikbaar is. Die huurooreenkomste moet op skrif wees en gewaarmerk word deur 'n bevoegde Indonesiese gesag. Langtermyn huurregte vir groot eiendomme en behuising kan geldig wees vir nie langer nie as 20 jaar, en kan hernu word vir 'n verdere 25 tot 30 jaar. 'n Langhuur kan hernu word tot maksimum kummulatiewe tydperk van 65 jaar.

Beperkings in Indonesië skrik nie vreemde belegging af nie, aangesien die houers van gebruiksregte aan regsaktiwiteite ten opsigte van die grond, die huis of eenheid van 'n deelhuis kan deelneem. Vreemdelinge wat enige soort gebruiksreg het, kan die reg op grond, huis of deelhuis verkoop, koop, met verband beswaar, besit, verhuur, skenk of gebruik.

Verkryging van grondregte deur vreemdelinge in Indonesië

Aansoek om 'n gebruiksreg te koop, word ingedien by die grondbeamptes. In die geval van private grond, stel die eienaar sy/haar eiendomsreg aan die staat beskikbaar. Sodra dit duidelik is dat die aansoeker voldoen aan die criteria vir vreemdelinge, magtig die staat die registrasie van die reg. Registrasie van die reg wat verkry is, word dan gefinaliseer by die betrokke registrasiekantoor. In die geval van huur moet die geskrewe huurooreenkoms tussen die vreemdeling en die eienaars

deur 'n bevoegde gesag opgestel word. Om geldig te wees, moet die huur in die streeksgrondkantoor geregistreer word. Verandering van grondgebruik moet deur die grondkantoor gemagtig word. Geen direkte oordrag van regte tussen twee private persone kan plaasvind nie, en verandering in besit van grondregte moet binne twee weke by die grondkantoor aangemeld word.

Singapoer

Ongeveer 90% van die grond in Singapoer is onder staatsbeheer, en 8% van huise is in private besit. Vir beide burgers en vreemdelinge word grond besit onder volle titel of huur. Grond kan vir nywerheidsdoeleindes tot 30 jaar gehuur word en dis hernubaar, terwyl staatsgrond vir 99 jaar gehuur kan word. Besit van grond en eiendom word gereël deur die "Residential Property Act" (RPA) van 1973. Die wet beperk vreemde besit van residensiële grond soos los huise, koppelhuise of terrashuise. Onbeperkte residensiële eiendomme en kommersiële of industriële eiendom is nie beperk vir vreemde besit nie. Gevolglik kan vreemdelinge nie-residensiële eiendomme en nie-beperkte residensiële eiendomme vryelik aankoop.

Ten einde beperkte residensiële eiendome te koop, het vreemdelinge vooraf goedkeuring nodig. Vreemdelinge wat residensiële grond wil koop vir ontwikkeling, moet om 'n kwalifiserings-sertifikaat ingevolge RPA aansoek doen. 'n Kwalifiserings-sertifikaat lê 'n ontwikkelaar voorwaardes op soos voltooiing van en beskikking oor die ontwikkelde eiendomme binne 'n gespesifiseerde tydperk. Die sertifikaat vereis verder van die ontwikkelaar om 'n bankwaarborg as sekuriteit vir nakoming van die voorwaardes te voorsien. Ontwikkelaars kan aansoek doen om verandering van die voorwaardes, en toestemming word op die meriete van elke geval verleen.

Die "Residential Property Act" lê criteria neer vir kwalifisering om beperkte residensiële eiendomme te koop. Vreemde persone wat sulke eiendomme wil koop, moet permanente inwoners wees. Die maatstaf dui op die persoon se bedoeling om in Singapoer te bly en te werk en daardeur 'n voldoende ekonomiese bydrae tot Singapoer te maak. Daar kan ook aan hierdie maatstaf voldoen word deur professionele en ander kwalifikasies of ondervinding wat van waarde vir Singapoer is. Vreemde maatskappye moet aan die vereiste van ekonomiese bydrae voldoen. Singapoer plaas ook beperkings op vreemde besit in die vorm van die grootte van die grond. Die eiendom wat deur vreemdelinge gekoop word, mag nie 'n grondgebied van 1393 vierkante meters oorskry nie. Vreemdelinge kan ook toegang tot grond verkry deur middel van 'n 30- of 90-jaar huur vir industriële doeleindes.

Proses van grondverkryging deur vreemdelinge in Singapoer

Die volgende stappe word gevolg wanneer grond of residensiële eiendomme gekoop word.

Inligting oor die koper se identiteit, asook burgerskap, en die besonderhede van die eiendom word deur die aktevervaardiger (prokureur) aan die registrateur van aktes (in Singapoer bekend as "controller of residential property") tydens indiening verstrek. Alle voorwaardes en beperkings op vreemde besitters word in hierdie stadium nagegaan.

In die geval waar 'n vreemdeling beperkte residensiële eiendom koop, word goedkeuring van die "Minister of Law" vereis. Die versoek om goedkeuring word eers by die "SLA" ingedien, wat dit in oorleg met ander betrokke departemente soos Handel en Nywerheid en Binnelandse Sake oorweeg. Die "SLA" lê dan die aansoek met hul aanbevelings voor aan 'n interdepartementele komitee wat uit die Ministers van Handel en Nywerheid, Binnelandse Sake en van "Law" bestaan. Die komitee vergader onder voorsitterskap van die permanente sekretaris van die Ministerie van "Law", waaronder Grondsake val. Die besluitnemingsproses van die komitee moet te alle tye deursigtig wees. Sodra 'n aansoek om goedkeuring deur hierdie komitee oorweeg is, is dit oop vir besware vir 'n gespesifiseerde tydperk, waarna 'n aanbeveling vir goedkeuring of andersins deur die Minister van "Law" gemaak sal word. Goedkeuring word in die diskresie van die Minister verleen.

Engeland en Skotland

In hierdie stadium is grondbesit in beide lande van die Verenigde Koninkryk onbeperk, en word inderdaad aangemoedig om direkte vreemde-belegging te lok. Lesse wat dus van hierdie lande geleer word, handel dus grootliks oor hul grondregistrasiestelsels. Skotland bied ook 'n boeiende voorbeeld van grondhervorming in 'n ekonomies-gevorderde gemeenskap.

Grondregistrasie in Engeland en Wallis

Grondregistrasie in hierdie lande vind plaas ingevolge die "Land Registration Act" van 2002, wat op 13 Oktober 2003 in werking getree het. Dit het alle vorige wetgewing oor grond vervang en 'n nuwe stelsel van aktevervaardiging ingelui. Die Wet beoog om die filosofie van registrasie te verander. Dit skep 'n stelsel waardeur registrasie titel verleen eerder as om bloot dit op te neem wat reeds geskep is. Dit is die resultaat van 'n gesamentlike projek tussen "His majesty's Land Registry" en die "Law Commission", wat in 1995 begin het. Die twee liggame het 'n verslag opgestel wat bestaan het uit drie dele.

Die oogmerk van die projek was om vir die eerste keer 'n afdoende register op te stel wat aktevervaardiging vergemaklik deur die aantal navrae wat gedoen moet word voordat registrasie finaal kan plaasvind, te verminder. Dit het ook 'n platvorm geskep vir die instelling van e-aktevervaardiging in Engeland en Wallis. In die verlede kon al die tye vir registrasie tot twee maande neem, afhangende van die omstandighede van alke transaksie. Daar word beoog dat registrasie en betiteling gelyktydig gedoen sal word sodra e-aktevervaardiging geïmplimenteer is.

Grondregistrasie – Skotland

Skotland bied 'n anachronisme in die moderne tyd : enersyds is dit ver gevorderd op ekonomiese en politieke gebied, terwyl dit andersyds tot onlangs nog 'n feudale stelsel gehad het. Ons sal eerstens kyk na hul registrasiestelsel vir diegene wat daarin geslaag het om grondeienaars te word.

Skotland is bekend vir sy suksesvolle registrasiestelsel tot onlangs toe die Skotte betiteling aangeneem het. Die Skotse en Suid-Afrikaanse stelsels was soortgelyk totdat betiteling in Skotland ingestel is. Registrasie van grond in Skotland vind plaas ingevolge die "Land Registration Act (Scotland) 1979." Die akteregistrasiestelsel word nog in Skotland gebruik ten opsigte van titels wat ongeregistreerd is.

Titelregistrasie bestaan uit 'n tabelariese (en nie 'n geslagkundige nie) rekord van besit, waar die title sonder verdere ondersoek gesien kan word. Dit is nie 'n indeks van tradisionele dokumente nie, maar dit skep 'n nuwe vorm van aantekening in die sin dat enigeen wat in 'n stuk grond belangstel, nie verder as die nuwe aantekening hoef te kyk nie om vas te stel of daar ander bestaande regte is wat aan die title kleef.

Die stelsel sluit drie beginsels in : die spieël, die gordyn en die versekeringsbeginsels. Die spieël gee die status van die titel weer, die gordyn bedek ander belange in die grond, en die voorgenome koper hoef hom of haar nie te bekommer oor onderliggende belange in daardie grond nie. Laastens waarborg die versekeringsbeginsel betaling vir skade ingeval 'n fout opduik wanneer registrasaie van titel plaasvind.

Die Skotse grondbesitstelsel het tot onlangs 'n sterk feudale karakter gehad, wat in sekere opsigte verwant is aan die Sweedse "torp" verskynsel. Skotse grondkwessies is intiem geskakel met die "Highland Clearances". Toe die Skotse stamselsel vernietig was na hul nederlaag deur die Engelse van 1745, is hul stamhoofde deur die Engelse aangemoedig om hulself en nie die stamme nie as eienaars van die grond te beskou. Baie van die grond was omskep in skaapweiding en baie stamlede is dus van grondbesit ontneem en moes hul arbeid aan grondeienaars verskaf sonder enige moontlikheid om die grond te besit. Hierdie feudale stelsel het voortgeduur tot 1974, toe wetgewing die leenbelasting wat plaasarbeiders aan grondeienaars moes betaal, afgeskaf het. Eers nadat die Skotse Parlement in 1999 ingestel was, is die geskil opgelos. Dit het 'n stel wette aanvaar : "the Abolition of Feudal Tenure (Scotland) Act, 2000", wat die feudale stelsel van grondbesit verwyder het; "the Title Conditions (Scotland) Act, 2003", vir die gebruik van grondtitels; en "the Tenements (Scotland) Act, 2004", om die wette oor woonstel-eiendom (deelgebou) te kodifiseer. "The Land Reform (Scotland) Act, 2003, het 'n raamwerk geskep vir landelike of plaas-gemeenskappe om grond in hul eie gebiede te koop.

Skotland verskaf dus 'n voorbeeld van 'n staat wat oor die algemeen beskou word as ekonomies gevorderd en deel van die Europese Unie, waarin grootskaalse grondhervorming plaasvind. Hulle moet worstel met die druk en mededinging vir prima grond in die Skotse Hooglande en ander gebiede, en dit balanseer met die inheemse verwagtings van persone wat vir geslagte van grond ontneem is.

BEOORDELING

Die Paneel het 'n wye reeks beleidsrigtings en praktyke op 'n internasionale skaal ontdek waarmee state hul grond reguleer. Regulering van grondbesit, soos die voorbeelde aandui, is nie 'n verskynsel van ontwikkelende lande alleen nie, maar sluit ook ontwikkelde state in (soos Kanada,

VSA, Singapoer, Australië en New Zealand). Dit is ook nie tipies van state in die proses van politieke oorgang nie maar ook 'n beleidsinstrument vir gevestigde demokrasieë.

Dit is ook nie 'n eienskap van 'n besondere makro-ekonomiese oriëntasie nie, maar word gebruik in alle vorms van ekonomieë. Getuienis het dit ook duidelik gemaak dat regulering van grondbesit nie beleggersvertroue ondermyn nie. Dit word bevestig deur die feit dat state met hoë vlakke van FDI, soos Australië en Singapoer sulke beleidsrigtings toepas.

Afdeling 2 Deel 4

Hersiening, harmonisering en rasionalisering van wetgewing oor ontwikkelingsbeplanning en grondgebruik

Die ontleding van wetgewing wat op ontwikkelingsbeplanning en grondgebruik van toepassing is (sien Aanhangsel 7), demonstreer duidelik dat daar 'n behoefte is aan nuwe omvattende en oorkoepelende nasionale wetgewing wat 'n standaard raamwerk vir die regulering van ontwikkelingsbeplanning en grondgebruik in al drie regeringsfere kan voorsien. Die veelvuldigheid van wetgewing op nasionale en provinsiale vlakke, tesame met bywette van plaaslike regering lei tot baie verskillende, en soms teenstrydige en verwarrende, praktyke wanneer dit kom by ontwikkelingsbeplanning vir residensiële, industriële, landbou en ontspanningsdoeleindes. Die situasie leen himself tot misbruik en manipulasie. Dit verduidelik waarom grondgebruik verander word sonder enige gesentraliseerde amptelike kennisgewing of goedkeurng.

In die volgende afdelings verskaf die Verslag 'n oorsig van die mees tersaaklike wetgewing oor ontwikkelingsbeplanning en grondgebruik. Die Paneel is nie bewus van enige verwysing in enige van die wette na vreemde besit nie. Hul insluiting in die Verslag is gemotiveer deur die Paneel se opmerking dat regulering van vreemde grondbesit en grondgebruik nie effektief sal wees nie, tensy die koördinering van die wetgewende dimensie in 'n gemeenskaplike wetgewende raamwerk ook verbeter word.

Wetgewing deur plaaslike owerhede is nie hier ingesluit nie. Hulle is te veel om te lys. Munisipaliteite het nie uitsluitlike grondwetlike magte in hierdie verband nie, en kan dus slegs wetgeef ingevolge magtigende nasionale en provinsiale wetgewing, wat wel hier ingesluit is. Munisipale outonomie word afgelei van die feit dat munisipale grond nog steeds as private grond gekategoriseer word, andersins is dit onderworpe aan die wetgewende raamwerk wat in hierdie afdeling gelys word.

❖

Afdeling 1 : Nasionale wetgewing regstreeks of onregstreeks van toepassing op grondgebruik en ontwikkelingsbeplanning

Behalwe Artikel 25 van, en Bylaes 4 en 5 by van die Grondwet is die volgende wette belangrik vir ontwikkelingsbeplanning en grondgebruik :

Afdeling 2 : Die tabelle hieronder som die provinsiale wetgewing op wat van toepassing is

WES-KAAP

- Ordonnansie op Dorpe, 33 van 1934
- Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning, 15 van 1985
- Prok R1897 van 1986, *Regulasies oor Dorpstigting en Grondgebruik*
- PK 733 van 1989, *Regulasies oor die Stigting en Wysiging van Stadsbeplanningskemas vir die Provinsie van die Kaap van Goeie Hoop*
- GK 1886 van 1990, *Dorpsontwikkelingsregulasies vir Dorpe*
- GK 1888 van 1990, *Grondgebruik en Beplanningsregulasies*
- Wes-Kaap Beplanning en Ontwikkelingswet, 7 van 1999

OOS-KAAP

- Ordonnansie op Dorpe, 33 van 1934
- Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning, 15 van 1985
- Ciskei Wet op Grondgebruiksregulasies, 15 van 1987

- Prok R293 van 1962, *Regulasies vir die Administrasie en beheer van Dorpe in Swart Gebiede*
- Prok 188 van 1969, *Swart Gebiede Grondregulasies*
- Prok 1897 van 1986, *Regulasies oor Dorpstigting en Grondbesit*
- PK 733 van 1989, *Regulasies oor die Stigting en Wysiging van Stadsbeplanning vir die Provinsie van die Kaap van Goeie Hoop*
- GK 1886 van 1990, *Dorpsontwikkelingsregulasies vir dorpe*
- GK 1888 van 1990, *Grondgebruik en Beplanningsregulasies*

NOORD-KAAP

- Ordonnansie op Dorpe, 33 van 1934
- Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning, 15 van 1985
- Prok R1897 van 1986, *Regulasies oor Dorpstigting en Grondgebruik*
- PK 733 van 1989, *Regulasies oor die Stigting en Wysiging van Dorpsbeplanningskemas vir die Provinsie van die Kaap van Goeie Hoop*
- GK 1886 van 1990, *Dorpsontwikkelingsregulasies vir Dorpe*
- GK 1888 van 1990, *Grondgebruik en Beplanningsregulasies*
- Noord-Kaap Beplanning en Ontwikkelingswet, 1 van 1998

NOORD-WES PROVINSIE

- Ordonnansie op Dorpe, 33 van 1934
- Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning, 15 van 1985
- Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 15 van 1986(T)
- Ordonnansie op Onderverdeling van Grond, 20 van 1985(T)
- Bophuthatswana Dorpsregulering Wysigingswet, 21 van 1981
- Prok R293 van 1962, *Regulasies vir die Adminstrasie en Beheer van Dorpe in Swart Gebiede*
- Prok R 188 van 1969, *Swart Gebiede Grondregulasies*
- Prok R 1897 van 1986, *Regulasies oor Dorpstigting en Grondgebruik*
- PK 733 van 1989, *Regulasies oor die Stigting en Wysiging van Dorpsbeplanningskemas vir die Provinsie van die Kaap van Goeie Hoop*
- GK 1886 van 1990, *Dorpsontwikkelingsregulasies vir Dorpe*
- GK 1888 van 1990, *Grondgebruik en Beplanningsregulasies*

LIMPOPO

- Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 15 van 1986(T)
- Ordonnansie op Onderverdeling van Grond, 20 van 1985(T)
- Venda Grondsake Prok, 45 van 1990

- Kwa Ndebele Dorpsbeplanningswet, 10 van 1992
- Prok R293 van 1962, *Regulasies vir die Adminstrasie en Beheer van Dorpe in Swart Gebiede*
- Prok R 188 van 1969, *Swart Gebiede Grondregulasies*
- Prok R 1897 van 1986, *Regulasies oor Dorpstigting en Grondgebruik*
- PK 733 van 1989, *Reglasies oor die Stigting en Wysiging van Dorpsbeplanningskemas vir die Provinsie van die Kaap van Goeie Hoop*
- GK 1886 van 1990, *Dorpsontwikkelingsregulasies vir Dorpe*
- GK 1888 van 1990, *Grondgebruik en Beplanningsregulasies*

MPUMULANGA

- Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 15 van 1986(T)
- Ordonnansie op Onderverdeling van Grond, 20 van 1985(T)
- Bophuthatswana Dorpsregulering Wysingswet, 21 van 1981
- KwaNdebele Dorpsbeplanningswet, 11 van 1991
- KwaNdebele Dorpsbeplanningswet, 10 van 1992
- Prok R293 van 1962, *Regulasies vir die Adminstrasie en Beheer van Dorpe in Swart Gebiede*
- Prok R 188 van 1969, *Swart Gebiede Grondregulasies*
- Prok R 1897 van 1986, *Regulasies oor Dorpstigting en Grondgebruik*
- GK 1886 van 1990, *Dorpsontwikkelingsregulasies vir Dorpe*
- GK 1888 van 1990, *Grondgebruik en Beplanningsregulasies*

GAUTENG

- Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 15 van 1986(T)
- Ordonnansie op Onderverdeling van Grond, 20 van 1985(T)
- Prok R1897 van 1986, *Regulasies oor Dorpstigting en Grondgebruik*
- GK 1888 van 1990, *Grondgebruik en Beplanningsregulasies*

VRYSTAAT

- Ordonnansie op Dorpe, 9 van 1969(O)
- Bophuthatswana Dorpsregulering Wysigingswet, 21 van 1981

KWAZULU-NATAL

- Ordonnansie op Dorpsbeplanning, 27 van 1949(N)

- KwaZulu Grondsakewet, 11 van 1992
- Prok R188 van 1969, *Swart Gebiede Grondregulasies*
- Prok R 1897 van 1986, *Regulasies oor Dorpstigting en Grondgebruik*
- GK 1886 van 1990, *Dorpsontwikkelingsregulasies vir Dorpe*
- GK 1888 van 1990, *Grondgebruik en Beplanningsregulasies*
- KwaZulu-Natal Beplannings en Ontwikkelingswet, 1998

BEOORDELING EN SLOTSOM

Die gebrek aan basiese minimum standaarde het bygedra tot die ongelyke praktyke by provinsies en plaaslike owerhede (munisipaliteite). Volgens die *Groenskrif oor Ontwikkeling en Beplanning*, maak laasgenoemde die snykant uit van die beplanningstelsel van ruimtelike ontwikkeling, veral in die vorm van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (IDP). Die Paneel het die behoefte aan dringende rasionalisering en harmonisering van die wetgewende raamwerk vir ontwikkelingsbeplanning geïdentifiseer. In hierdie verband word die idee van 'n nuwe nasionale raamwerkwet geopper. Dit vereis van provinsies en plaaslike owerhede om hul wetgewing te hersien, te rasionaliseer en te harmoniseer ten einde dit in ooreenstemming te bring met die nuwe nasionale wetgewende raamwerk. Die Grondwetlike basis vir so 'n benadering is Bylae 4 (Dele A en B – funksionele gebiede van gelyklopende nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid) en Bylae 5 (Dele A en B – funksionele gebiede van uitsluitlike provinsiale wetgewende bevoegdheid).

Die Paneel is van oordeel dat gedurende die proses van rasionalisering en harmonisering die President die Presidensiële proklamasiebevoegdheid kragtens artikel 97 van die Grondwet kan gebruik om (as 'n oorgangsmaatreël terwyl nuwe wetgewing voorberei word) die administrasie van die massa wette wat tans by verskillende ministeries berus, aan die Minister van Landbou en Grondsake op te dra. Dit sou vereis dat die Minister deur die Inter-Ministeriële/Departementele Oorsigkomitee werk, wat deur die Paneel aanbeveel word.

Afdeling 2 Deel 5

Aanbevelings

5.1 Vreemdelinge, nie-burgers en vreemde belang

Die Paneel het wyd-verspreide bekommernis opgemerk oor die aankoop en besit van Suid-Afrikaanse bates deur vreemdelinge. Gevolglik is dit as noodsaaklik beskou om baie duidelik te omskryf wie as 'n vreemdeling beskou sal word, en ten opsigte van regspersone, hoe vreemde belange omskryf behoort te word. Die Paneel was in hierdie verband deur twee regsraamwerke gelei : eerstens, die wyse waarop 'n Suid-Afrikaanse burger in die Grondwet omskryf is,en tweedens, meer spesifiek met betrekking tot die verskillende kategorieë inwoners en nie-inwoners in Suid-Afrika soos in immigrasie-wetgewing omskryf. By die omskrywing van wie 'n vreemdeling is of wat vreemde belang is, het die Paneel daarbenewens onderskei tussen natuurlike persone, korporasies en trusts.

Aanbevelings

- In die geval van korporasies (besighede wat geïnkoporeer is ingevolge die Wet op Beslote Korporasies en ander wette), beveel die Paneel aan dat oorweeg word om die 50% + 1 aandeelhouding deur 'n nie-inwoner te verlaag om 'n entiteit onder vreemde besit of 'n vreemde belang daar te stel, en as sulks behandel te word in die reguleringsraamwerk [16] wat ontwikkel word.
- In die geval van trusts, moet inligting oor beide die trustees en die bevoordeeldes ingewin word. Dieselfde geld vennootskappe en gesamentlike besit deur individue waarvan sommige nie-burgers of nie-inwoners kan wees.
- In die lig van die langtermyn doelwitte van SAOK, beveel die Paneel aan dat burgers vanaf SAOK-lande of SAOK-korporasies hetsy van die regulasies vrygestel moet word of voorkeurbehandeling gegee behoort te word.
- Permanente inwoners behoort ook voorkeurbehandeling te geniet.

5.2 Verpligte Vereistes oor Openbaarmaking/Verklaring

Ingevolge die huidige beleid en praktyk, asook die stelsel van registrasie van aktes, is dit onmoontlik om die juiste omvang van vreemde en/of nie-inwoner besit en gebruik van grond in Suid-Afrika te bepaal, omdat die openbaring van burgerskap nie 'n voorvereiste vir die oordrag van eiendom is nie. Enigiemand kan grond in Suid-Afrika koop sonder om sy of haar burgerskap te verklaar. Gevolglik het die Akteskantoor nóg enige aantekening, nóg 'n register, van die burgerskap van grondeienaars in die land. Die Paneel is van oordeel dat dit 'n ernstige late is wat onmiddellik aandag vereis aangesien dit klaarblyklik in die openbare belang is om die burgerskap van diegene wat grond besit, te ken. *Die poging van die Paneel*

---

[16] Dit moet in ooreenstemming gebring word met die Maatskappy-wetsontwerp wat onder oorweging is.

om 'n voorlopige ontleding van die beskikbare inligting en 'n ruimtelike kartering van grondbesit deur burgers en nie-burgers in hierdie verslag te verskaf, is noodwendig in die gevaar gestel deur die aard van die inligting wat in die Akteskantoor beskikbaar is. Die Paneel is dus sterk oortuig daarvan dat 'n stelsel van verpligte openbaarmaking/verklaaring van burgerskap onmiddellik ingestel behoort te word.

Doel van openbaarmaking

Sodanige openbaarmaking sal die volgende doeleindes dien :

- Dit sal die Regering in staat stel om op enige gegewe oomblik die omvang van besit van Suid-Afrikaanse grond of eiendom deur Suid-Afrikaanse burgers en nie-burgers, vroue, mans, verskillende bevolkingsgroepe, staat en private persone en natuurlike- en regspersone te bepaal;
- Dit sal basiese, betroubare en akkurate inligting aan die Regering beskikbaar stel vir ingeligte ontwikkeling en ander beplanning;
- Dit sal die Regering in staat stel om basiese, betroubare en akkurate data en inligting te hê om die vordering te monitor van die implementering van grondbeleidsrigtings en die invloed daarvan op kritieke sektore van die samelewing, veral vroue en diegene wat deur koloniale en apartheidsbeleidsrigtings, wette en praktyke uitgesluit en ontkieser is;
- Dit sal bydra tot deursigtige regering; en
- Dit sal bydra om die stelsel van registrasie van grond en eiendom in die land te verbeter.

Aanbevelings

'n Tweeledige benadering word aanbeveel vir bestaande en toekomstige openbaarmakings deur geregistreerde eienaars : (a) wysiging van Regulasie 18 kragtens die Wet op die Registrasie van Aktes, No. 47 van 1937, en (b) wysiging van die Wet self.

(a) Die wysiging van Regulasie 18 kan dadelik deur die Regulasieraad van Akteregistrasies gedoen word. Die Raad is, behoudens goedkeuring deur die Minister, kragtens artikel 10(j) van die Wet gemagtig om regulasies te maak wat voorskryf *"die wyse en vorm van identiteit van persone"*. Op grond van hierdie magtiging maak Regulasie 18 in sy huidige vorm soos volg voorsiening: *"Die naam van 'n persoon, die betrokke identiteitsnommer, geboortedatum of registrasienommer, na gelang van die geval .....moet in die betrokke boeke van die Akteskantoor aangeteken word."* Die Paneel beveel aan dat Regulasie 18 gewysig word om 'n omvattende openbaarmaking te vereis, met inbegrip van :

- Burgerskap
- Nasionaliteit
- Permanente verblyfstatus
- Geslag

- Ras
- Suid-Afrikaanse nasionale identiteitsnommer
- Vreemde paspoortnommer

In die geval van regspersone (besighede, korporasies, ens), ook :

- Maatskappy-registrasienommer
- Inkomstebelasting -registrasienommer
- BTW registrasienommer
- Aard van aandeelhouers (naam en plek van gewone verblyf van alle wesenlike aandeelhouers en hul ras, geslag, burgerskap en nasionaliteit).

In die geval van trusts, ook :

- Trust-registrasienommer
- Burgerskappe en nasionaliteite van trustees
- Burgerskappe van bevoordeeldes
- Die aard van bevoordeeldes (hul ras, geslag en plek van gewone verblyf)

Die oogmerk van Regulasie 18 is vir openbaarmaking en statistiese doeleindes, en nie om onregverdige diskriminasie te veroorsaak nie. Onder die nuwe demokratiese bewind is reeds 'n aantal wette aangeneem wat vir onderskeidings en differensiasies voorsiening maak. Voorbeelde sluit in die Wet op Gelyke Indiensneming, die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Diskriminasie, die Wet op die Beleidsraamwerk vir Voorkeurverkryging en die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging.

(b) Wysigings aan die Wet op die Registrasie van Aktes sal 'n wet deur die Parlement vereis. Daar sal van bestaande eienaars verwag word om 'n Verklaring/Openbaring te maak soortgelyk aan diè wat van alle toekomstige eienaars vereis gaan word ingevolge die gewysigde Regulasie 18 (sien hierbo). Die kern van die bepalings van die beoogde wysiging moet, onder andere, insluit :

a. Verpligte identifikasie van grondeienaars
b. 'n Verifikasie-stelsel van grondeienaars
c. Akkurate en betroubare byhou van aantekeninge oor grondeienaars in SA
d. Toelaatbaarheid van aantekeninge vir regsdoeleindes
e. Bron van finansiering vir grondverkryging
f. Moniteringstelsel
g. Verbod op oordragte wat nie aan die reguleringsmaatreëls voldoen nie
h. Prosedure vir verbeurdverklaring van grond aan die staat waar daar nie-nakoming is
i. Beskerming van vertroulike inligting
j. Aantekeninge van huidige grondverbruik

Daar word verder aanbeveel dat die voorgestelde openbaarmakings deur maatskappye ook oorweeg word vir die nuwe Wetsontwerp op Maatskappye wat onder oorweging is.

Die Paneel is van oordeel dat die Wet op die Finansiële Intelligensie Sentrum (FICA) 'n vergelykbare en effektiewe tegniek bevat vir openbarings en verklarings. Dit kan dien as 'n model om die voorgestelde aanbevelings oor openbaarmaking te implementeer.

Eienaars wat geraak word

Die Paneel beveel aan dat die openbaringsvereistes toegepas moet word op alle natuurlike persone en regspersone wat tans grond of vaste eiendom besit of 'n registreerde belang daarin het, sowel as op die registrasie van alle toekomstige verkrygings van, of beskikkings oor, grond of vaste eiendom. Ten einde die vordering met transformasie van die Suid-Afrikaanse grondbesitpatrone te meet, behoort die openbaring op grond van ras slegs op Suid-Afrikaanse burgers en permanente inwoners van toepassing te wees.

Die Paneel beveel aan dat individuele besitters van eiendom persoonlik verantwoordelik is om aan die regulasies te voldoen. Die reg om volmag te sedeer is van toepassing. Korporatiewe of regspersone moet 'n persoon aanstel wat wetlik verantwoordelik is om in alle opsigte van hierdie regulering namens die regspersoon op te tree.

Fases en tydsraamwerke vir openbaring, en strawwe vir versuim om te openbaar

Daar word aanbeveel dat nadat die aanbevole wysigings aangebring is, behoort openbaring in die volgende twee fases geïmplementeer te word :

Eerste fase

Die Paneel beveel aan dat met onmiddellike effek by enige nuwe oordrag van vaste eiendom of enige eerste registrasaie van nuut ontwikkelde vaste eiendom al die aanbevole vereistes van openbaarmaking ingesluit behoort te word. In navolging van hierdie doelwit moet die Akteskantoor verseker dat die betrokke vorms en dokumente dienooreenkomstig hersien word.

Tweede fase

Die Paneel beveel aan dat die openbaring en verklaring deur bestaande eienaars of belanghouers in die tweede fase vanaf Januarie 2008 behoort te begin. Twee opsies om hierdie fase te implementer, word voorgestel :

(a) 'n proses in een slag, soos die aanvanklike openbaringsprosedure in FICA, gebaseer op 'n verklaringstydperk van 18 tot 24 maande; of
(b) 'n proses in stadiums (soos die een vir bestuurslisensies), deur die proses in alfabetiese blokke volgens van of naam van die regspersoon in te deel. So'n proses sal langer neem

maar kan beter bestuur word. Byvoorbeeld : A – B: gedurende Maart tot Mei; C – D : gedurende Junie tot Augustus, ens.

Ten opsigte van beide opsies moet twee administratiewe oorwegings in gedagte gehou word :

(1) desentralisering van die openbaring en verklaringsproses na aangestelde agente van die Akteskantoor, soos die plaaslike regeringskantore, Poskantoortakke, Landdroskantore, polisiestasies, ens.; en
(2) openbaring wat elektronies gedoen word (*e-government*, soortgelyk aan die "UIF" se registrasie van huishoudelike werkers en die "IEC" se gebruik daarvan vir sy kieserslys.

Voorgestelde strawwe vir versuim om te openbaar

Vier moontlike strawwe word voorgestel :

(i) Geen oordrag van eiendomsbesit kan plaasvind sonder dat die vereiste inligting openbaar word nie, en die gebruik van ou registrasie-dokumente sonder die bygewerkte inligting sal onmiddellik ingekort word;
(ii) Aanpassing van sekere FICA-strawwe [17] vir hierdie doel;
(iii) 'n verpligte boete vir 'n oortreder van tot 20% van die waarde van die betrokke eiendom; en
(iv) 'n toepaslike boete vir die beampte wat nie aan die vereistes voldoen nie.

Openbaring van veranderings in besitter se besonderhede

Die Paneel beveel aan dat 'n persoon of entiteit wat vir so 'n verklaring verantwoordelik is, binne drie maande nadat 'n verandering in enige van die verklaarde besonderhede plaasgevind het, wysigings van die voorgeskrewe dokumentasie by die Akteskantoor moet indien. Versuim om hieraan te voldoen, sal die eienaar strafbaar maak met die voorgeskrewe straf.

5.3 Ministeriële Goedkeuring

Die Paneel beveel aan dat spesiale Ministeriële Goedkeuring (met of sonder voorwaardes) vereis word vir sekere veranderinge in grondgebruik in die algemeen en vir beskikking oor sekere kategorieë grond aan vreemdelinge – veral waar die verandering in gebruik of beskikking aan vreemdelinge die potensiaal het om die staat se grondwetlike verpligtinge van grondhervorming negatief te beïnvloed (grond wat onderworpe is aan herstel-eise of wat afgesonder is vir herverdeling of geïntegreerde menslike vestiging). Spesiale Ministeriële Goedkeuring behoort ook

[17] Moet nog verder ontwikkel word

van toepassing te wees op die verkryging van grond of veranderings aan grondgebruik deur Suid-Afrikaanse burgers wat dieselfde negatiewe invloed kan hê. Die besluit of grond binne so 'n kategorie val, behoort bepaal te word deur, onder andere, die tegnieke van die Inter-Ministeriële of –Departementele Oorsigkomitee (sien hieronder 5.4).

Daar word aanbeveel dat die Minister van Landbou en Grondsake die diskresie en goedkeuringsbevoegdheid behoort te hê in die volgende gevalle :

i. Stedelike grond

Daar behoort riglyne te wees oor die grootte, waarde en aantal eiendomme wat 'n vreemdeling kan besit. Die riglyne behoort die waarde van vreemde direkte belegging wat deur die voorgenome vreemde koper verteenwoordig word, in ag te neem. Ministeriële goedkeuring is nodig as 'n koop oor hierdie riglyne gaan.

ii. Landbou en landelike grond

Die verkryging van landbou (landelike) grond bokant 'n sekere waarde en/of 'n sekere grootte deur vreemde persone/belang (soos omskryf in 1 hierbo) en/of nie-inwoners vereis Ministeriële goedkeuring. Die Paneel beveel aan dat riglyne oor grootte, waarde en beoogde grondgebruik ontwikkel moet word.

iii. Grond afgesonder vir Herstel en Herverdeling

Aankoop van grond (deur vreemdelinge of Suid-Afrikaanse burgers) ten opsigte waarvan daar 'n gevestigde eis vir die doeleindes van hetsy herstel of herverdeling is, vereis Ministeriële goedkeuring.

iv. Ontwikkeling van Golf-eiendomme, Polo-eiendomme en Wildsplase

In die lig van die sosiale, ruimtelike en omgewingsgevolge van hierdie eiendomme, beveel die Paneel aan dat die ontwikkeling van golf-eiendomme, polo-velde en wildsplase die goedkeuring van die Minister, in oorleg met die betrokke provinsiale en/of plaaslike owerhede, behoort te vereis.

5.4 Inter-Ministeriële/ - Departementele Oorsigkomitee

Die Paneel het opgelet dat daar baie belanghebbende partye betrokke is by die kwessie van besit en gebruik van grond deur vreemdelinge. Dit het ook oorweeg dat vreemde direkte belegging 'n belangrike komponent van die ontwikkelings-agenda van Suid-Afrika is.

Die Paneel beveel effektiewe, hoë-vlak inter-regeringskoördinasie en samewerkking aan vir im-

plementering en oorsig, deur die aanstelling van 'n permanente komitee wat uit die volgende Ministers/Departemente bestaan : Landbou, Grondsake, Provinsiale en Plaaslike Regering, Behuising en Omgewingsake en Toerisme. Die Komitee behoort deur die Minister van Landbou en Grondsake byeen gebring te word. Sy verantwoordelikheid is om die neigings in vreemde grondbesit en veranderings in grondgebruik te monitor, en om aan die Regering toepaslike regstellende ingrypings aan te beveel. Die voorstel dat die bestaande Kabinetsgroepe vir hierdie doel gebruik moet word, word nie ondersteun nie, want die toegewyde doel van die Komitee sal dan verlore wees.

5.5 Huurpag

Die Regering kan, in ooreenstemming met die praktyk in sommige van die lande wat bestudeer is, medium- en langtermyn huurkontrakte vir staatsgrond oorweeg as 'n lewensvatbare alternatief vir vreemdelinge wat in die toekoms grond en belange in grond wil bekom. Huurpagregte het tydsbeperkings en kan 'n aanvaarbare alternatief vir volle eiendomsregte wees, hoewel hulle steeds Suid-Afrikaanse burgers van die verkryging van besit en gebruik van die grond uitsluit. Terselfdertyd sal huurpagregte 'n tipe veiligheid van besit verskaf wat vir baie opregte vreemde beleggers aanvaarbaar mag wees.

5.6 Totale verbod op Vreemde besit in geklassifiseerde/beskermde gebiede

Beleid word aanbeveel oor die verbod op private besit van grond deur vreemdelinge (en Suid-Afrikaanse burgers in sommige gevalle) binne die territoriale jurisdiksie van die Republiek op gronde van nasionale belang, omgewingsoorwegings en nasionale veiligheid.[18] Voorbeelde van sulke grond sluit in Nasionale Sleutelpunte, [19], kusgebiede,[20] bewaringsgebiede, areas van historiese en kulturele belang, grond naby aan militêre instellasies, water-opvangsgebiede en grond langs grense/internasionale grense.

5.7 Beskikking oor Staatsgrond

Die Staatsgrond Beskikkingskomitee en Provinsiale komitees het geen jurisdiksie oor Munisipale

---

[18] Verslagdoeningsverpligtinge op bestaande besit deur vreemdelinge in die aangewese gebiede binne 'n voorgeskrewe tydperk moet via die Volle Openbaarmakingsregulasaies opgelê word. Daarna kan die Regering, onderworpe aan "regverdige en billike" vergoeding, die grondwetlike mag uitoefen om grond te onteien en dit hetsy behou as staatsgrond of aan gemagtigde burgers toewys.

[19] Wet op Nasionale Sleutelpunte, No. 102 van 1980

[20] Die Wetsontwerp op Kusbestuur dek aspekte hiervan

grond nie wat (na die oordeel van die Paneel) steeds foutiewelik en ongrondwetlik as "private grond" gekategoriseer word. Dit is 'n konvensie of praktyk wat uit die verlede oorgeërf is. Die drie sfere van regering is instellings en organe van een soewerein demokratiese staat, en Bylaes 4 en 5 by die Grondwet klassifiseer nie besit van, en beskikking oor, staatsgrond as 'n uitsluitlike bevoegdheid van Munisipaliteite nie. (Artikel 1 gelees met Hoofstuk 3 van, en Bylaes 4 en 5 by, die Grondwet). Daar word dus aanbeveel dat aldrie sfere van regering deur al die aanbevelings van hierdie Verslag gedek behoort te word. Daar word ook aanbeveel dat al die provinsies deel van die stelsel van grondbeskikkingskomitees behoort te word. Die Regering en al die staatsorgane behoort die voorbeeld te stel by die implementering van die regulatoriese stelsel van vreemde grondbesit en moet hul weerhou van die beskikking oor, en verandering van, grondbesit wat grondhervorming kan ondermyn en die soewereiniteit van die staat in die gevaar kan stel.

5.8 Beperkte tydelike moratorium op die beskikking oor staatsgrond aan vreemdelinge

'n Beperkte tydelike moratorium van (min of meer) twee jaar word voorgestel. Dit moet die beskikking oor staatsgrond, met inbegrip van grond wat deur enige staatsorgaan of staatsonderneming en enige van die drie sfere van regering besit word, aan vreemdelinge verbied [21] - en in beperkte gevalle aan Suid-Afrikaanse burgers wat nie vir vergoeding kragtens die nasionale beleidsrigtings van grondhervorming kwalifiseer nie. Dit is nie 'n totale verbod nie. Dit is bedoel om sekere sfere van regering en staatsorgane te verhoed om oor staatsgrond te beskik wat vir grondhervorming en menslike nedersettings vir ontneemde en gemarginaliseerde persone en gemeenskappe gebruik kan word. Natuurlik kan uitsonderings oorweeg word. Die beperkte tydelike moratorium kan opgehef word sodra die proses van Ministeriële Goedkeuring en die Inter-Ministeriële/-Departementele Komitee wat hierbo aanbeveel is, ingestel is en in werking is. Aangesien die aanbeveling beperk is tot breed-gedefinieerde staats/openbare grond (asook munisipale grond), kan verwag word dat die entiteite wat die betrokke grond besit die nasionale beleid sal nakom, selfs in die afwesigheid van 'n statutêre verbod.

5.9 Sonering, grondgebruik en beplanningswetgewing

Die Paneel beveel aan dat daar rasionalisering en harmonisering moet plaasvind van wette wat grondgebruiksbeplanning en grondsonering raak. Dit moet gedoen word deur middel van die verordening van oorkoepelende nasionale wetgewing om sekerheid, minimum standaarde en orde te verskaf. Goedkeuring vir nuwe ontwikkelings en hersonerng van grond vir ander gebruike is tans nie gekoördineer tussen die verskillende regeringsfere nie. 'n Ontwikkelaar kan byvoorbeeld

---

[21] Die Konstitisionele Hof kan genader word om 'n bevel kragtens artikel 167(5) van die Grondwet wat verklaar dat enige wetgewing of ander bepaling, wat munisipale verordeninge en Ordonansies insluit, ongrondwetlik is indien dit grond wat deur enige staatsorgaan of regeringsfeer besit word, as private grond kategoriseer.

een sfeer van regering (soos 'n provinsie) nader vir goedkeuring van 'n nuwe ontwikkeling sonder dat 'n ander sfeer van regering daarvan kennis dra (soos die plaaslike munisipaliteit waar die ontwikkeling sal plaasvind). Alternatiewelik kan die plaaslike regering dit goedkeur sonder die provinsie se kennis. Daarom moet die Wetsontwerp op die Bestuur van Grondgebruik weer na gekyk en geaktiveer word. Die afwesigheid van oorkoepelende nasionale standaarde lei tot ongelyke en verwarrende praktyke in grondgebruik, veral op plaaslike regeringsvlak. Vreemdelinge en sterk "ontwikkelaars" blyk die situasie uit te buit, en dit lei tot openbare afkeur en persepsies van korrupsie. 'n Hersiening van huidige praktyke in die sonerings- en hersonerings-prosedure, veral met betrekking tot die ontwikkeling van golf-eiendomme, lewenstylboerdery, polo-eiendomme en wildboerdery [22] behoort binne die bestek van ministeriële en inter-regeringstoesig gebring te word.

5.10 Voordoening (bv Front-maatskappye)

Voordoening is uitgewys as 'n vraagstuk wat die Regering se beleid oor grondhervorming en regulering van vreemde grondbesit kan ondergrawe. Dit is ook 'n praktyk wat die statistieke kan verwring wat verkry is van die verpligte openbaring/verklarings wat in 5.2 aanbeveel is. Daar word dus aanbeveel dat sekere maatreëls ingesluit moet word by enige nuwe beleid wat vreemde grondbesit moet reguleer. Maatreëls wat reeds in ander wetgewing bestaan en wat maatskappye en breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging, asook belasting regleer, behoort oorweeg te word vir insluiting in hierdie beleid.

5.11 Algemene magtigende wetgewende wysigings om uitvoering aan sommige van die aanbevelings te gee

Die Paneel beveel 'n omvattende Algemene Regswysigingswetsontwerp of 'n Grondsake Wysigingswetsontwerp aan, soortgelyk aan die Wysigingswetsontwerp of Geregtelike Aangeleenthede, om die aanbevelings wat wetgewende wysigins vereis, te verorden. Dit sal die behoefte aan heeltemal nuwe wetgewing of ondergeskikte wetgewing (regulasies), soos die aanbevole wysiging van Regulasie 18, vermy. Die voordeel van so 'n benadering is dat die gevolge van wysigings aan 'n spesifieke Wet/te op ander wetgewing maklik in 'n enkele Wetsontwerp geakkommodeer word.

---

[22] Die land sit reeds met 'n ssaak van moord op 'n plaasbestuurder wat verbind word met die omskepping van grondgebruik na wildboerdery (sien W Hlongwa, "Make Way for Wild Animals" **City Press**, 28 Januarie 2007 op bl 21).